

'n Funksjonalistiese benadering tot die hantering van taal- en kultuurverskille in 'n Afrikaanse proefvertaling van Daniel Kehlmann se roman *Die Vermessung der Welt*

Koos Holtzhausen en Lelanie de Roubaix

Koos Holtzhausen, afgetrede dosent en vryskutvertaler
Lelanie de Roubaix, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Dit is verbasend dat daar so min vertalings van Duitse letterkundige werke in Afrikaans bestaan, siende dat Afrikaans en Duits tot dieselfde taalfamilie behoort en heelwat taalkundige ooreenkomste toon. Die enkele vertalings wat daar is, is 'n geruime tyd gelede gemaak en het dikwels betrekking op ouer, klassieke werke. Daar het egter gedurende die afgelope drie dekades 'n aantal moderne Duitse romans verskyn wat in verskeie tale vertaal is en internasionaal topverkopers geword het. Die *Vermessung der Welt* van Daniel Kehlmann is een van hierdie romans wat in 2005 verskyn het. Die roman beskryf episodes uit die lewens van twee wêreldbekende Duitse wetenskaplikes, Carl Friedrich Gauss en Alexander von Humboldt, met 'n grappige en satiriese aanslag.

In hierdie artikel ondersoek ons die invloed van taal- en kultuurverskille op die moontlike vertaling in Afrikaans van die roman *Die Vermessung der Welt*. 'n Proefvertaling van 'n uittreksel uit die teks word verskaf ten einde die uitdagings wat sodanige vertaling aan die vertaler stel, met spesifieke verwysing na taal- en kultuurverskille, in besonderhede te bespreek. In hierdie vertaalhandeling is daar deurgaans drie kulture en leefwêrelde ter sprake: dié van die 18de-eeuse tekswêreld en die historiese konteks waarmee die roman in gesprek tree, dié van die hedendaagse Duitse brontekstleser, en dié van die waarskynlike Afrikaanse leser van die doeltteks. Vanuit 'n vertaalteoretiese raamwerk voer ons aan dat 'n funksjonalistiese vertaalbenadering hier aangewese is, aangesien dit die vertaler in staat stel om effektief tussen bogenoemde drie kulture en leefwêrelde te bemiddel. Die funksjonalistiese benadering, wat deur o.a. die teoretici Hans Vermeer en Christiane Nord gevestig en uitgebou is, stel die behoeftes en kultuur van die doeltteksleser onderworpe aan die "skopos" (die doel van die vertaling). Nord se lojaliteitsbeginsel, wat verwys na lojaliteit teenoor sowel die skrywer van die bronteks as die doeltteksleser, word ook in ag geneem.

Gebaseer op die unieke genre en skryfstyl van die bronteks het ons 'n vertaalbenadering gekies waar 'n letterlike (direkte) vertaling daargestel word wat steeds lojaliteit teenoor die kultuur van die doelteksleser as oogmerk het. 'n Proefvertaling van enkele gedeeltes uit die roman word aangebied, asook 'n bespreking van die vernaamste vertaalprobleme en 'n motivering vir van die keuses wat gemaak is ten einde hierdie vertaalprobleme op te los.

Trefwoorde: funksionalisme; kultuur; letterlike vertaling; literêre vertaling; lojaliteit; Nord, C.; skopos; Vermeer, H.; vertaling uit Duits in Afrikaans

Abstract

A functionalist approach to linguistic and cultural differences in a sample translation of Daniel Kehlmann's novel *Die Vermessung der Welt* into Afrikaans

Very few German literary works are available in Afrikaans translation. The works that are available are in most cases older, classical works that were translated a number of years ago. Over the past three decades, German literature has been said to have “come out of the national ghetto” (Parkes 2002:263) and a number of German novels have been published that were translated into various languages and became international bestsellers. *Die Vermessung der Welt*, published in 2005 by Daniel Kehlmann (born 1975), is one of these novels. In this paper we argue that various factors, including the novel's unique genre, its international appeal and the relationship between German and Afrikaans, would make an Afrikaans translation of the novel popular among a range of audiences.

Die Vermessung der Welt is regarded as one of the most successful post-war German novels to date and has been translated into more than 40 languages. In a humorous vein, the novel narrates episodes from the lives of two famous 19th-century scientists, Carl Friedrich Gauss and Alexander von Humboldt. Many critics have responded positively to the novel, praising Kehlmann's sense of humour and his use of satire and irony. Others, however, concerned that the novel might be interpreted as a work of non-fiction, have argued that it contains too many anachronisms and factual inaccuracies. Kehlmann's response to these comments was that he did not write a biography of one or both of his main characters, but that his novel is a work of fiction. Due to the interplay of historical context and fiction, the specific events and situations narrated, and Kehlmann's unique approach, the novel's genre is difficult to define. It could, for example, be viewed as a portrait of two elderly men, each lonely in his own way; a satire on the German classical period; an image of the German bourgeoisie at the start of the 19th century; a study of the sacrifice and morality of science; or an adventure novel.

The unique genre of the source text is one of the key factors to consider when analysing the source text for the purposes of translating the text. In her work on source-text analysis, Nord (2005:41) emphasises that all factors that could influence a translation should be kept in mind when analysing a source text before the start of the translating process. She categorises these factors as extratextual – those pertaining to the circumstances around transferring the text – and intratextual – those relating to the text itself. The extratextual aspects relevant to the translation of *Die Vermessung der Welt* that we discuss in greater detail in this paper include: the author and his intention, the genre of the text, and the reception of the source text. With regard to the author and his intention, Kehlmann makes it clear that the work is a novel, not a

biography or a history textbook. He had aimed to show that the cosmos is chaotic and that it cannot be quantified (or measured) easily. In order to make his point he used humour and satire throughout the novel. Being carefully attuned to Kehlmann's style and tone would be crucial for a translator aiming to retain this effect in the target text. Intratextual factors discussed in the paper include the subject matter and content of the novel, the pre-existing knowledge of the reader, and the specific lexis, syntax and style of the source text.

Our analysis of the above-mentioned extra- and intratextual factors makes it clear that, when translating *Die Vermessung der Welt*, at least three contexts are involved: the novel is set in the 19th century, and the references to historical figures and events invoke the historical context of the era; its audience is contemporary German readers; while potential Afrikaans target-text readers would have a different cultural context and frame of reference. The translator thus has to mediate between these contexts and in so doing find a balance between the intention of the source-text author and the experience of the target-text reader. From the perspective of translation theory we are of the opinion that the methodological and theoretical framework presented by functionalism is particularly well suited to this translation situation. Not only does the functionalist approach provide methodological tools for formulating a broad approach to the translation, for finalising a skopos and for analysing the source text, it also offers a framework for identifying potential translation problems. In the course of the paper, we focus on each of these aspects: on determining an approach to the translation, informed by Nord's loyalty principle; formulating the skopos that guides the translation process; identifying factors that could influence the translation and bearing them in mind when making choices in the translation; and paying careful attention to problem areas that arise in the specific translation context.

In the light of Nord's loyalty principle, which proposes balancing the source-text author's intention with the experience of the target-text reader, we are of the opinion that in translating *Die Vermessung der Welt*, it would be important to respect and attempt to retain the effect of Kehlmann's unique style, but also to consider the needs of potential target-text readers. Based on this point of reference, the skopos for an Afrikaans translation of *Die Vermessung der Welt* could be formulated as follows:

- It should be a literary translation that respects the connotative, expressive and aesthetic function of the source text.
- It should be a direct translation that attempts, as far as possible, to retain the atmosphere of the source text.
- The reference to and ironising of historical and scientific aspects should be retained for the sophisticated reader.
- The sense of adventure and humour should be retained so that the less sophisticated reader can enjoy the novel as an adventure novel set in the 19th century.

In our sample translation of selected excerpts from the novel, we use this skopos as a guiding principle for making decisions. When considering whether or not to retain the German form of a word or phrase in our target text, for example, we constantly considered not only the intention of the source-text author or the closest literal translation equivalent, but also reflected on the effect different alternatives would have on potential target-text readers' response to the text. In one example, the word *Gendarm* is used in the source text. In 19th-century Germany the word was used to refer to members of the police force, following the French example. The title *gendarme* is still used in France and some French-speaking

countries, and it is known as a loan word in many languages, including Afrikaans. According to *Pharos Bilingual Dictionary*, Afrikaans equivalents for the English word *gendarme* are *gendarme* and *polisiesoldaat* (Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek 2010). In order to retain the historical reference, the word *Gendarm* in the source text is translated as *gendarme* in the sample translation, and not as *polisieman* (“policeman”). The first time the term occurs in the source text we decided to add a brief explanation: “die gendarme, een van die owerheid se polisiesoldate” (“the gendarme, one of the government’s police soldiers”).

In addition to the theoretical and methodological tools already mentioned, the functionalist approach also provides a framework for identifying potential problem areas in a translation – as identified by Nord (1997a). In terms of text-specific translation problems, Kehlmann’s use of humour, satire and irony could prove especially challenging to the translator. One example from the source text that illustrates this is where the mother of the Von Humboldt brothers asks Goethe for advice on how to educate her sons. The answer he gives, as the narrator points out, “no one understands”, and she then asks her head servant for advice. In the excerpt, Kehlmann is most likely satirising Goethe’s grandiloquent style, but at the same time his portrayal of the mother asking for – and eventually subscribing to – the servant’s interpretation of Goethe’s advice might also be viewed as an ironic perspective on German aristocracy where the servant ultimately has the answer. Interlingual, pragmatic and intercultural translation problems also arise, especially in cases where the use of certain words in the source text that point to the historical context might not be familiar to target-text readers.

Ultimately, we found that while a literal translation was feasible due to the close link between the Afrikaans and German language systems, it remains necessary to pay attention to the conventions of Afrikaans in order not to detract from the target-text reader’s experience of the text. For some references unique to the European or German world of the 19th century we chose equivalents in Afrikaans that are more general, for example when translating *Diener* with *dienskneg* (“servant”), while words such as *gendarme* were used in the Afrikaans text. These decisions were consistently made with the style of the source-text author, the atmosphere of the source text, and also the experience of the target-text reader, as stipulated by Nord’s loyalty principle, kept in mind.

Keywords: culture; functionalism; literal translation; literary translation; loyalty; Nord, C.; skopos; translation from German into Afrikaans; Vermeer, H.

1. Inleiding¹

Vertalings van Duitse romans in Afrikaans is grotendeels beperk tot klassieke Duitse werke wat in die 1960’s in Afrikaans vertaal is – werke soos *Faust* van Goethe (vert. 1966) en *Don Carlos* van Schiller (vert. 1969), wat albei deur Eitemal vertaal is. Verder het Elsabe Steenberg in 1966 die roman *Tonio Kröger* (1961) van Thomas Mann in Afrikaans vertaal. Die drama *Mutter Courage und ihre Kinder* (1965) van Bertolt Brecht is in 1973 deur Fred Steyn vertaal. Wat Afrikaanse vertalings van Duitse werke die afgelope 15 jaar betref, is die aanbod selfs meer beperk. In 2003 verskyn Arnold Blumer se vertaling van Günter Grass se *Im Krebsgang* (2002), getiteld *Kreeftegang*, en in 2007 word Henning Pieterse se vertaling

van Rainer Maria Rilke se *Duineser Elegien* as *Duino-elegieë* uitgegee. Een verklaring hiervoor sou moontlik kon wees dat die belangrikste Duitse tekste in Engels vertaal word en dus ook vir baie Afrikaanse lesers toeganklik is. Daar het egter die afgelope paar jaar 'n beduidende aantal vertalings van hedendaagse Nederlandse romans in Afrikaans verskyn, wat hierdie argument weerlê, aangesien Nederlandse romans meestal óók in Engels vertaal word en die meeste Afrikaanse lesers dus ook tot hierdie romans toegang sou hê selfs al sou hulle nie in Afrikaans vertaal word nie. Om enkele voorbeelde te noem: Tommy Wierenga se *Joe Speedboot* (2005) is in 2012 deur Zandra Bezuidenhout vertaal; Lina Spies het in 2014 Arnon Grunberg se *Tirza* (2006) vertaal; en Daniel Hugo se vertalings van Saskia Goldschmidt se *De hormoonfabriek* (2012) en Tom Lanoye se *Gelukkige slaven* (2013) het onderskeidelik in 2014 en 2015 verskyn.² Daar blyk dus wel 'n mark vir hierdie vertalings in Afrikaans te wees, wat die vraag na die moontlikheid van vertalings van hedendaagse Duitse literatuur in Afrikaans verder beklemtoon. Dié mening word ook ondersteun in 'n resensie van Daniel Hugo se onlangs verskene Afrikaanse vertaling van die Vlaamse skrywer Stefan Hertmans se roman *Oorlog en terpentyn* (2016): Die betrokke resensent bedank die vertaler daarvoor dat hy “ons met sy sprankelende vertalings [in dié geval uit Nederlands] blootstel aan die Europese letterkunde noudat ons versink het in die Engelse en Amerikaanse aanbod” (Van Rensburg 2016).

Die meeste van die vertaalde Duitse werke waarna vroeër verwys is, behoort tot die kanon van Duitse klassieke werke. Sedert die middel 1980's het die Duitse literatuur verskeie internasionale topverkopers deur jonger skrywers opgelewer, onder andere *Das Parfum* (1985) van Patrick Süßkind, *Melodien oder Nachträge zum quecksilbernen Zeitalter* (1993) van Helmut Krausser en *Der Vorleser* (1995) van Bernard Schlink. Baie van hierdie moderne Duitse werke is in Engels en in ander tale vertaal en ook verfilm.

Met verwysing na die moderne Duitse literatuur is Parkes (2002:263) van mening dat “On the basis of the choice of themes and aesthetics of much recent German writing, it is perfectly possible that German literature has come out of the national ghetto and moved much closer to other Western literatures.”

Onlangs-gepubliseerde Duitse werke behandel dus meer eietydse temas en verskil ook in terme van byvoorbeeld die skryfstyl van klassieke werke, selfs al word historiese temas behandel. Dit is 'n tendens wat ook in *Die Vermessung der Welt*, 'n roman deur Daniel Kehlmann (geb. 1975), bespeur kan word.

Die Vermessung der Welt het in 2005 verskyn en teen 2012 is reeds 2,3 miljoen eksemplare daarvan in Duitsland verkoop. Dit word as een van die suksesvolste naoorlogse Duitse romans beskou en is reeds in 40 tale vertaal. Die roman beskryf, met 'n humoristiese aanslag, episodes uit die lewens van twee beroemde 19de-eeuse Duitse wetenskaplikes, te wete Carl Friedrich Gauss en Alexander von Humboldt³ (Soboczynski 2012).

In hierdie artikel word daar ondersoek ingestel na 'n potensiële Afrikaanse vertaling van die roman. Moontlike vertaalteoretiese benaderings word onder die loep geneem, met beklemtoning van die invloed van taal- en kultuurverskille op die vertaling. Hierdie benadering word toegepas tydens die skep van 'n proefvertaling van uittreksels uit die roman.

2. Metodologie

Ten einde te bepaal hoe om 'n Afrikaanse vertaling van *Die Vermessung der Welt* te benader – met die unieke kenmerke van die teks (vergelyk 4.1.2) in ag genome – word daar in afdeling 3 na die vertaalteoretiese raamwerk van die funksionalisme gekyk. Binne hierdie raamwerk is die lojaliteitsbeginsel kernbelangrik en dit rig uiteindelik die benadering tot die proefvertaling wat aangebied word.

In afdeling 4 word daar, in die lig van die funksionalistiese benadering wat gevolg word, na die belangrikste aspekte van die bronteks gekyk wat in tydens die vertaalhandeling ag geneem word. Daar word byvoorbeeld aandag geskenk aan die genre van die bronteks, die historiese konteks, die profiel van die bronteksskrywer, die voorveronderstelde kennis van die brontekslesers, ens., terwyl die profiel van die potensieële doeltekslesers en die doelkultuur ook onder die loep geneem word.

Die proefvertaling van enkele uittreksels uit die bronteks word in afdeling 5 aangebied. In afdeling 6 kom 'n bespreking van die vernaamste vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses voorgekom het, aan bod – die vertaalprobleme en hoe hulle hanteer is word geklassifiseer en in verband gebring met die bronteksontleding en teoretiese benaderings wat in voorafgaande afdelings bespreek word.

Die artikel word in afdeling 7 afgesluit met 'n samevatting waarin aangevoer word dat 'n bronteksgeoriënteerde vertaalbenadering waar beginsels van die funksionalisme – spesifiek lojaliteit – as uitgangspunt gebruik word, 'n raamwerk skep waarbinne 'n vertaling van *Die Vermessung der Welt* in Afrikaans suksesvol aangepak sou kon word.

3. Vertaalteoretiese raamwerk: die funksionalisme

3.1 Agtergrond: die rol van kultuur in die vertaalteorie

In die vertaalteorie was daar aanvanklik 'n streng fokus op die linguistiek, en 'n bronteksgeoriënteerde benadering met streng linguistiese ekwivalensie as uitgangspunt en ideaal het vertaalbenaderings vir lank oorheers (vergelyk byvoorbeeld Bassnett 2002 en Naudé 2002). Mettertyd het navorsers soos Eugene Nida (1964:165) hulle egter toenemend begin toelê op 'n benadering tot ekwivalensie wat eerder op die brontaalboodskap en die ontvanger daarvan klem lê (Munday 2008:42). So verwys Hatim en Mason (1996:14) byvoorbeeld na vertaling as “an act of communication which attempts to relay, across cultural and linguistic boundaries, another act of communication (which may have been intended for different purposes and different readers/hearers).”

Daar was dus 'n toenemende bewustheid van die pragmatiese in vertaling, van wat die funksie van 'n teks is en hoe kommunikasie met 'n nuwe doelteksleser deur middel van 'n teks bewerkstellig word - 'n proses waarin kultuur 'n belangrike rol speel.⁴ Nord (1997a:34) omskryf vertaling byvoorbeeld as 'n vergelyking van kulture en meen 'n vreemde kultuur kan waargeneem word slegs deur dit met die eie kultuur te vergelyk.

By die vertaling van *Die Vermessung der Welt* is daar van drie kulture sprake: die roman, waarna voortaan verwys sal word as die bronteks, speel af in die 19de eeu; dit is vir hedendaagse Duitse lesers bedoel; terwyl die potensieële Afrikaanse doelteksleser se kultuur en verwysingsraamwerk verskil van dié van die Duitse brontekslesers. In die vertaalbenadering wat gevolg word wanneer die bronteks in Afrikaans vertaal sou word, moet daar rekening gehou word met die invloed wat hierdie verskillende kulture en kontekste op sowel die vertaalhandeling (of vertaalproses) as die uiteindelijke vertaalproduk (die doelteks) kan hê. Gegewe die genre van die bronteks (vergelyk 4.1.1 (c)), is die historiese konteks waarin die roman afspeel, en waarmee dit ook in gesprek tree, eweneens 'n besonder belangrike faktor wat tydens die vertaalproses voortdurend in gedagte gehou behoort te word. Die teoretiese raamwerk waaruit die vertaalbenadering afgelei word, moet daarom voorsiening kan maak vir die inagneming van die besondere aard van die bronteks, die historiese konteks en die moontlike verskille tussen die kulture en kontekste van die bron- en doeltekslesers. Ons is van mening dat die funksionalisme, 'n teoretiese raamwerk waarin die funksie van die doelteks sentraal staan, aan hierdie vereistes voldoen.

3.2 Die funksionalisme: riglyne vir 'n vertaalbenadering

Volgens Nord (2005:11) kan die funksie van 'n doelteks nie outomaties afgelei word uit 'n studie van die bronteks nie – dit word eerder pragmaties gedefinieer deur die doel van die interkulturele teksoordrag. Die Duitse vertaalteoretikus Hans Vermeer beskryf sy siening van vertaling as volg (in Snell-Hornby 2006:53):

[Translation is] a complex form of action in which someone gives information about a text (source language material) under new functional, cultural and linguistic conditions and in a new situation, while preserving formal aspects as far as possible.

Gevolgtik stel Vermeer die skoposteorie (*skopos* is Grieks vir *doel*) voor, wat die fokus op die doel of funksie van die vertaling plaas (Munday 2008:79). Die *skopos* word op twee faktore gebaseer: eerstens op die opdrag van die kliënt, as daar een is, en tweedens op die aard van die ontvanger. Verdere aspekte van belang is die ondervinding van die vertaler en die aanvaarde standaard van die vertaalgemeenskap (Vermeer 2000:223; Hatim 2009:39). Die vertaler as deskundige dra die volle verantwoordelikheid en daar moet onder andere met die opdraggewer – die persoon of instansie wat die vertaling aanvra – ooreengekom word oor gevalspesifieke en transkulturele kwessies (Vermeer 1998:56). Nord (1997b:30) verduidelik dat die vertaalopdrag nie spesifiseer hoe die vertaler te werk moet gaan nie, maar slegs aandui watter soort vertaling gedoen moet word. By die afwesigheid van 'n opdraggewer kan die vertaler self hierdie besluit neem.

Nord is van mening dat die skoposteorie te min klem lê op die skrywer van die bronteks en op die kultuur van die bronteks (Nord 1997a:47-48). Sy stel daarom die begrip *lojaliteit* voor, wat lojaliteit teenoor die bronteksskrywer én teenoor die kultuur van die doelteksleser behels. Sy stel dit soos volg: "[L]oyalty means that the target-text purpose should be compatible with the author's original intentions" (Nord 1997b:125). Die vertaler moet dus objektief tussen die kultuur van die bronteks en die doelteks medieer. Een voordeel van hierdie benadering is dat die vertaler die vertroue van die bronteksskrywer kan wen (Nord 1997a:48). Hierdie beginsel is ook sinvol vir vertalings waar die bronteks, soos in die geval van *Die Vermessung der Welt*, besondere eienskappe bevat wat ook na die doelteks oorgedra behoort te word, of as die styl van die bronteksskrywer uniek is en behou moet word.

Volgens Nord is 'n vertaling “funksioneel” as dit die beoogde doel bereik en dus “werk” vir die ontvangers in die spesifieke kommunikatiewe situasie soos deur die sender beplan. Die doel kan byvoorbeeld wees om inligting te gee of om te vermaak. Nord verduidelik ook dat die funksie nie inherent deel van die teks is nie, maar iets is wat die ontvanger daaraan toeken wanneer die teks gelees word. Sy stel die implikasies soos volg: “[T]he translator [...] has, therefore, to evaluate the audience’s capacities of comprehension and cooperation, and anticipate the possible effects that certain forms of expression may have on the readership” (Nord 2002:34). Dit is 'n voorbeeld van “lojaliteit” teenoor die doeltteksleser.

Die omvattende aard van die funksionalisme bring mee dat dit ook op literêre vertalings toegepas kan word. Nord (1997b:80) ondersoek byvoorbeeld die toepassing van die skoposteorie op literêre vertaling en beklemtoon dat die oogmerk (“intention”) van 'n literêre werk gewoonlik is om nie die reële wêreld nie, maar eerder die fiktiewe te beskryf. Die volgende opmerking is veral van toepassing op *Die Vermessung der Welt*: “If a text is not marked ‘literary’ it may happen that the receiver does not recognize its literary function, perhaps accepting its content as straight fact” (Nord 1997b:82). In 'n teks soos *Die Vermessung der Welt* waar die grense tussen werklikheid en fiksie konstant bevraagteken word weens die gebruik van geskiedkundige figure as die hoofkarakters, is hierdie aspek besonder tersaaklik. Soos in 4.1.1 (d) genoem sal word, het Daniel Kehlmann hom dan ook juis oor hierdie kwessie kritiek op die hals gehaal.

Nord (1997b:30) beklemtoon dat dit noodsaaklik is vir 'n vertaler om 'n teks te skep wat vir die doeltteksontvangers sinvol sal wees – 'n oorweging wat Vermeer as intratekstuele koherensie beskryf. Verder moet daar 'n verwantskap tussen die bron- en doeltteks, oftewel intertekstuele koherensie, bestaan. Die intertekstuele verwantskap kan byvoorbeeld 'n letterlike vertaling insluit. Gentzler verduidelik dat die funksionaliste nie op 'n perfekte vertaling of op 'n spesifieke strategie aandring nie, maar slegs op pragmatiese, optimale oplossings. Hy stel dit soos volg:

Translators may choose to be faithful to the source text’s spirit, or they may choose a word-for-word strategy, or they may add, delete, or change information as they see fit, depending upon the cultural conditions and the needs of the audience/consumer. (Gentzler 2001:71)

In die vertaling van *Die Vermessung der Welt* is dit byvoorbeeld sinvol om te probeer om die unieke styl van die skrywer te respekteer, soos in 4.1.1 (c) beskryf word, maar ook om die behoeftes van die potensieële doelttekslesers te oorweeg.

Nord (1997b:92) ondersoek verder die wyse van interpretasie van die bronteks, die funksie van die doeltteks, die gaping tussen die kultuur van die tekswêreld en die doelkultuur (“cultural distance”), en die keuse van die doeltteksaanbieding (“text effect”). Sy kom tot die gevolgtrekking dat hierdie aspekte pragmaties hanteer moet word. Ten einde 'n funksionele doeltteks te skep, moet die vertaler die bronteks interpreteer deur tussen die bronteksskrywer se oogmerk en die doeltteksomgewing te medieer. Die funksie van die doeltteks moet op die doeltteksomgewing ingestel wees met inagnome van die bronteksskrywer se oogmerke. In die geval van die vertaling van *Die Vermessung der Welt* sal laasgenoemde aspek ook 'n noukeurige oorweging van die historiese konteks waarin die roman afspeel, insluit. Hierdie aspekte word in 4.1.1 (c) met spesifieke verwysing na die vertaling van die roman bespreek.

Die tipe vertaling wat gemaak word, moet volgens Nord ook in die vertaalopdrag gespesifiseer word. Sy definieer twee tipes vertaling: dokumentêre en instrumenteel (Nord 1997b:51). Instrumentele vertalings is verwerkings van die doelteks waarin daar op verskillende funksies van die teks klem gelê kan word. Dokumentêre vertalings behels verskillende potensiële fokuspeunte waarop die vertaler klem kan lê, maar hulle is meer bronteksgeoriënteerd.

Snell-Hornby verduidelik die begrip *dokumentêre vertaling* soos volg:

The documentary or “scholarly” translation reflects Schleiermacher’s⁵ maxim of “moving the reader towards the author”: the text is here seen in its entirety, but the translation is oriented towards the source text and aims at informing the reader of its content, even by “alienating” or “foreignizing” the target language. (Snell-Hornby 2006:53)

In ’n dokumentêre vertaling kommunikeer ’n sender in die bronkultuur met die ontvangers in die doelkultuur via die doelteks met die fokus op een of ander aspek van die teks. Die aspekte waarop gefokus word, bepaal die soort dokumentêre vertaling. Nord (1997b:51) identifiseer verskillende tipes dokumentêre vertaling:

- In woord-vir-woord-vertaling is die fokus op die morfologiese, leksikale en sintaktiese aspekte van die brontaal.
- In letterlike vertaling (ook genoem direkte vertaling) word die woorde van die oorspronklike teks weergegee met inagneming van die doeltaalnorme.
- In ’n filologiese vertaling word die bronteks letterlik vertaal, maar kulturele en linguïstiese inligting word met behulp van voetnote, eindnote en ’n glossarium verskaf.
- In ’n eksotiserende vertaling word die oorspronklike agtergrond van die bronteks behou om ’n “eksotiese” effek te verkry.

Die proefvertaling van *Die Vermessung der Welt* is gemaak ooreenkomstig die vertaalbenadering van Nord en met inagneming van Gentzler se opmerking, soos hier bo uiteengesit is. Kulturele en pragmatiese fasette moet nougeset oorweeg word, maar die genre van die bronteks, wat in 4.1.1 (c) in meer besonderhede bespreek word, lei daartoe dat getrouheid aan die bronteks nie minder belangrik is nie. Om ’n vertaalbenadering te formuleer wat Nord se lojaliteitsbeginsel as uitgangspunt gebruik, is dit sinvol om ’n dokumentêre vertaling van *Die Vermessung der Welt* te onderneem, en dan meer spesifiek ’n letterlike of direkte vertaling waar die aard van die bronteks en die bedoeling van die bronteksskrywer met die ervaring van die doelteksleser gebalanseer word.

In die volgende afdeling word hierdie vertaalbenadering in meer besonderhede gemotiveer deur op van die kernaspekte van die bronteks, asook faktore wat die ervaring van die doeltekslesers sou kon beïnvloed, te fokus.

4. Teoretiese benadering tot die vertaling van die bronteks

Ten einde die vertaling van *Die Vermessung der Welt* aan te pak binne die funksionalistiese raamwerk wat hier bo beskryf is, moet eerstens ondersoek word hoe bepaalde kenmerke van die bronteks die vertaalproses kan beïnvloed. Ook die profiel en behoeftes van potensiële doeltekslesers, die historiese konteks en die doel van die vertaling moet deeglik ondersoek en oorweeg word.

Nord (1991:21) is van mening dat deur 'n behoorlike ontleding van die bronteks te onderneem, die vertaler in staat gestel word om die “funksie-binne-kultuur” van 'n bronteks vas te stel. Hierdie funksie van die teks binne die kulturele konteks van die bronteks kan dan met die verwagte funksie-binne-kultuur van die doelteks, soos vereis deur die opdraggewer, vergelyk word terwyl daar spesifiek klem gelê word op daardie brontekselemente wat in die vertaling behou of aangepas behoort te word.

In die lig hiervan word daar in die onderafdelings wat volg, spesifiek klem gelê op daardie aspekte van die bronteks wat in 'n Afrikaanse vertaling van *Die Vermessung der Welt* van besondere belang is – hetsy hulle, om welke redes ook al, behou behoort te word of aangepas behoort te word. Daar word eerstens op tersaaklike ekstratekstuele faktore gefokus, dan op intratekstuele faktore, terwyl die profiel van potensiële doeltekslesers ook in ag geneem word.

4.1 Faktore wat die vertaalproses beïnvloed

Neubert (in Schäffner 2001:10) verwys na die noodsaaklikheid van bronteksgeïnspireerde doelteksproduksie, wat aansluit by wat Nord beskou as “translation-oriented source-text analysis” (Nord 1991:1). Volgens Nord (1997b:62) verskaf die ontleding van die bronteks 'n grondslag vir besluite oor die haalbaarheid van die vertaling, oor watter spesifieke vertaaleenhede gebruik moet word (woorde, frases, sinne, ens.) en oor watter vertaalbenadering gevolg moet word.

Nord (2005:41) beklemtoon verder dat ook faktore wat die oordrag van die boodskap kan beïnvloed, tydens die ontleding van die bronteks in ag geneem moet word. Sy verwys na ekstratekstuele faktore wat betrekking het op die omstandighede van die teksoordrag en intratekstuele faktore wat met die teks self verband hou.

4.1.1 Ekstratekstuele faktore

a. Die skrywer

Daniel Kehlmann is in 1975 in München gebore. Sy vader was die regisseur Michael Kehlmann en sy moeder die aktrise Dagmar Mettler. Hy ontvang sy skoolopleiding en universiteitsopleiding in die filosofie en letterkunde in Wene, waar hy steeds woonagtig is. Hy het op dertigjarige ouderdom reeds vyf volwaardige romans geskryf. Hy het 'n sterk belangstelling in die natuurwetenskap en het, aldus Mangold (2013:98), 'n buitengewone talent vir die komiese en vir kwinkslae. Sy romans is met verskeie toekennings bekroon, is in verskeie tale vertaal en word oor die algemeen met belangstelling gelees.

b. Die bedoeling/intensie van die skrywer

Volgens Kehlmann is hy sedert sy skooldae gefassineer deur die wiskundige Carl Friedrich Gauss en anekdotes oor hom. Veral 'n besoek aan die sterrewag in Göttingen waar Gauss gewerk het, het Kehlmann geraak (Kehlmann 2013:11). Tydens 'n reis in Suid-Amerika het hy ook van Von Humboldt en sy nalatenskap bewus geraak (Von Lovenberg 2013:26).

Toe hy besluit om 'n roman oor hierdie twee wetenskaplikes te skryf, het Kehlmann beseft dat hy heelwat sou moes weglaat en bylas ("erfinden mußte") ten einde 'n verband tussen verskillende episodes te skep en 'n samehangende verhaal te skryf (Kehlmann 2013:15). Soos in die volgende onderafdeling getoon word, was dit nie sy bedoeling om 'n dubbele biografie van die twee historiese figure te skryf nie, maar wel om 'n gewone roman te skryf. Hy wou aantoon dat die kosmos chaoties is en nie so maklik gekwantifiseer (gemeet) kan word nie, en op simboliese wyse maak hy in *Die Vermessung der Welt* ruimskoots gebruik van humor en satire om hierdie punt te beklemtoon.

c. Teksfunksie (genre)

Kehlmann noem dat hy nie van die term *historiese roman* hou nie en dat hy *Die Vermessung der Welt* eerder beskou as 'n eietydse roman wat in die verlede afspeel (Von Lovenberg 2013:32). Hy verduidelik dat hy gepoog het om te skryf soos wat 'n ernstige historikus sou skryf as hy skielik waansinnig sou word ("wie ein seriöser Historiker [...] wenn er plötzlich verrückt geworden wäre") en dan dinge opmerk wat nie oorgelewer is en ook nie oorgelewer kon gewees het nie (Von Lovenberg 2013:33).

Kehlmann sê verder dat hy die effek van afstand skep deur gebruik te maak van die indirekte rede (Von Lovenberg 2013:32). Volgens hom is dit in elk geval onmoontlik om die presiese woorde wat 200 jaar gelede gebruik is, aan te haal. Hy voer aan dat hy op hierdie wyse 'n "skyn-outentisiteit" daarstel, wat dit op elke bladsy duidelik maak dat hy nie poog om die werklike gebeure weer te gee nie. Hy verduidelik sy benadering tot die skryf van die roman verder met behulp van 'n metafoor uit die fisika: die historiese mens is soos 'n magneet met 'n magnetiese veld daaromheen waarin ondersoekend rondbeweeg word. Kom jy te naby, dan skryf jy 'n biografie, maar as jy te ver weg is, is die magneetveld nie meer merkbaar nie en is jy nie daarop geregtig om die historiese figuur se naam te gebruik nie (Marx 2013:171). Van die strydvrage wat deur sy benadering veroorsaak word, word ook deur Kehlmann self in die roman ondersoek deurdat hy van selfironisering gebruik maak. In die roman noem Gauss byvoorbeeld dat enige domkop oor 200 jaar iets grappigs oor hom sou kon kwytraak en dat hy hom nie daarteen sou kon verweer nie (Kehlmann 2006:9).

Hoewel Kehlmann dus verkies om sy roman nie as 'n historiese roman te beskryf nie, is die historiese konteks waarmee die roman in gesprek tree, wel 'n belangrike gegewe wat tydens die vertaalproses in oorweging gebring behoort te word. Deurdat hy twee werklike figure as hoofkarakters gebruik en aan die begin van die roman 'n verwysing na 'n betrokke jaar verskaf (vergelyk BT1 in afd. 5.2), word die breër konteks – wat die historiese, en ook die politieke, sosiale, geografiese en kulturele konteks insluit – outomaties betrek. Dit sou dus by die vertaling van die roman belangrik wees om spesifiek aandag te skenk aan die hantering van byvoorbeeld terme, gebruike en plekke wat in die lig van die historiese konteks spesifieke betekenis in die bronteks dra. (Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die vertaling van *Gendarm*, wat in 6.2.3 onder die loep geneem word.)

Kehlmann gebruik dus historiese gebeure en figure as raamwerk waarbinne hy op die gegewe voortborduur, 'n benadering wat ook in hedendaagse Afrikaanse prosa gewild blyk te wees. Sonja Loots het byvoorbeeld dieselfde tegniek gebruik in *Sirkusboere*, waar sy werklike gebeure tydens en ná die Anglo-Boereoorlog as raamwerk vir haar roman gebruik het (Loots 2011). *Philida* deur André P. Brink (2012), *Buys: 'n grensroman* deur Willem Anker (2014) en die romans van Dan Sleigh, byvoorbeeld die onlangs verskene *1795* (Sleigh 2016), om enkele voorbeelde te noem, val in dieselfde kategorie.⁶ Die gewildheid van hierdie romans kan dus dien as verdere motivering vir die proefvertaling van uittreksels van *Die Vermessung der Welt*, aangesien dit voorkom of daar tans in Afrikaans 'n mark vir historiese romans bestaan.

d. Die ontvangs van die bronteks: resepsie en brontekslesers

Die Vermessung der Welt was 'n topverkoper in Duitsland, waar daar twee jaar na die roman se verskyning reeds 1,5 miljoen eksemplare verkoop is (Soboczynski 2012). Wêreldwyd is hierdie syfer meer as ses miljoen, en dit sluit ook vertalings in. Die roman is in meer as 40 tale vertaal, onder andere in Engels deur Carol Brown Janeway as *Measuring the world*. (Kehlmann 2007a)⁷ *Die Vermessung der Welt* was waarskynlik hoofsaaklik op die Duitssprekende Europese mark gemik. Kehlmann was op daardie stadium reeds in verskeie lande bekend en sy ander romans is ook in 'n hele aantal tale vertaal. Die skrywer het dus waarskynlik van meet af die moontlikheid van vertalings ook van *Die Vermessung der Welt* in gedagte gehad.

Volgens Von Lovenberg (2013:31) kan Kehlmann die gewildheid van sy boek nie verklaar nie en ook nie waarom, anders as by sy ander romans, die meeste brontekslesers van hierdie roman mans is nie. Dit is dus nie duidelik of die tema of die hoofkarakters 'n moontlike verklaring sou kon wees daarvoor dat die teks meer by mans byval vind nie. Die vraag ontstaan wel of dieselfde lesersprofiel ook vir Afrikaanse doeltekslesers sou geld, maar aangesien dit nie die fokus is van hierdie studie om marknavorsing te doen nie, sal die spesifieke profiel van die doelteksleser breed beskou word, met inagnome van bogenoemde profiel van die meerderheid brontekslesers.

Talle resensies toon waardering vir die roman – vir die bronteks én doeltekste. Hubert Spiegel, die resensent van die *Frankfurter Allgemeine Zeitung*, skryf byvoorbeeld dat 'n mens op 'n subtile, intelligente en grappige wyse vermaak word, soos selde vantevore in die Duitse letterkunde (Spiegel 2008). Ron Charles van die *Washington Post* gee ook 'n positiewe resensie van *Measuring the world*: “[I]t's actually more zany than brainy, and laughter almost drowns out the strains of despair running beneath the story” (Charles 2006). Ken Alder, 'n resensent van *American Scientist*, loof *Measuring the world* as “a meditation on creativity, not just in science but in any human endeavor”, ten spyte van vele historiese “onakkuraathede” (Alder 2008).

Daar was, veral in Duitsland, ook heelwat negatiewe kritiek. Walter Griep skryf in *Die Zeit* dat Kehlmann te vry met die historiese gegewens omgaan en dat die roman te veel anachronismes en feitlike onakkuraathede bevat. Hy sou wou gehad het dat die skrywer eerder fiktiewe name soos Alexander von Humbug en Carl Friedrich Graus aan die hoofkarakters gegee het (Griep 2007). In 'n resensie van *Measuring the world* in die tydskrif van die American Mathematical Society word gewaarsku dat sommige mense die inligting in die boek as die waarheid sou kon beskou:

Some people tell me that they are glad to have read a book that gives them this much information about Gauss, about whom they knew little before. This is the main problem. Readers take it for granted that the novel is well-researched, so that historical facts are correct and that psychological portraits are reasonably accurate. (Oort 2008:681)

Holl (2012:49) lewer in die *Internationale Zeitschrift für Humboldt-Studien* ook skerp kritiek op die wanvoorstelling van Alexander von Humboldt se karakter in die roman. Volgens hom word Von Humboldt verkeerdlik in die roman voorgestel as asosiaal, behep met metings en die wetenskap en ongevoelig teenoor inheemse stamme. Holl wys daarop dat lesers van die boek op die Amazon-webblad ook aangedui het dat hulle die inligting in die roman as die waarheid aanvaar (Holl 2012:60).

Hierop is Kehlmann se verweer dat hy 'n fiktiewe werk geskryf het en nie 'n biografie van een of albei die figure nie. Hy beweer hy lewer in die roman, deur die gebruik van selfironisering, waarna reeds verwys is (4.1.1 (c)), kommentaar op sommige van die kritiese vrae wat oor sy aanslag gestel word.

Daar kan aanvaar word dat die Duitse lesers van die bronteks meer vertrouwd met die hoofkarakters en met die historiese agtergrond sal wees as die potensiële lesers van 'n Afrikaanse vertaling, hoofsaaklik aangesien die twee hoofkarakters Duitse historiese figure is en belangrike bydraes tot die wetenskap en die Duitse klassieke tydperk gelewer het (vergelyk ook 4.1.2 (a) en (b)). Die gunstige resepsie wat vertalings van die boek wêreldwyd geniet het, dui egter daarop dat die Duitse kultuurkonteks waarskynlik nie 'n struikelblok vir die gewildheid van die boek is nie. Kehlmann noem byvoorbeeld dat die satirisering van die Duitse kultuur selfs in Duitsland nie deur die deursneeleser opgemerk is nie (Von Lovenberg 2013:28) - 'n aanduiding dat die skrywer daarin slaag om te voorsien in die behoeftes van verskeie lesersgroepe.

4.1.2 Intratekstuele faktore

Intratekstuele faktore is daardie kenmerke van die bronteks self waaraan vertalers gewoonlik aandag skenk en wat die vertaalproses en spesifieke vertaalbesluite dikwels beïnvloed (Nord 2005:41). Enkele intratekstuele faktore wat van spesifieke belang is vir die vertaling van *Die Vermessung der Welt* word in die onderafdelings wat hier volg bespreek.

a. Onderwerp en inhoud

Op die flapteks van die roman word dit soos volg beskryf (eie vertaling):

- 'n portret van twee bejaarde mans, elkeen eensaam op sy eie manier
- 'n satire oor die Duitse klassieke periode
- 'n beeld van die Duitse burgery aan die begin van die 19de eeu
- 'n studie van die opoffering en die moraliteit van die wetenskap en
- 'n avontuurroman.

Hierdie beskrywing onderskryf die kompleksiteit van die genre waarna daar in 4.1.1 verwys is. Die hoofkarakters in die roman is hoogs begaafde wetenskaplikes wat elkeen 'n groot bydrae tot die natuurwetenskap gelewer het. Hulle het in die Duitse klassieke tydperk

(1786–1832) geleef. Dit was die tyd van die humanisme met die klem op opvoeding in wat mooi, goed en waar is - “a new ethical message of *Humanität* in opposition to barbarism” (*Encyclopaedia Britannica*: Weimar Classicism: Goethe and Schiller). Hierdie tydperk is eweneens sinoniem met twee groot digters, Johann Wolfgang von Goethe en Friedrich von Schiller, wat albei ook in die roman figureer. Die breë historiese konteks, met werklike figure, vorm dus in wese ’n tipe agtergrond waarteen Kehlmann aan sy fiktiewe werk gestalte gee.

In die roman deel Von Humboldt en Gauss ’n onblusbare drang om meer oor die wêreld te wete te kom en om dit te kwantifiseer, te “meet”. Gedurende die uitoefen van hierdie drang bly menslike verhoudinge en empatie dikwels in die slag. Kehlmann kontrasteer ook, deur die gebruik van satire, humor en ironie, die natuurwetenskappe met die sosiale wetenskappe en beklemtoon verskille tussen die lewensbeskouings van Von Humboldt en Gauss met dié van ander mense, byvoorbeeld Gauss se seun Eugen en die stamme van Suid-Amerika (vergelyk ook 6.1).

Die roman lewer sosiale kommentaar op “Duits-wees”, en vir Bettina Davis word daar ook indirek kommentaar gelewer op multikulturele verhoudinge in Duitsland vandag (veral onderstreep deur die onlangse vlugtelingekrisis in Duitsland): “In my thesis, I argue that with [the] satirical representations of the German Self in the encounter with the (colonial) Other, the [author reflects] critically on the contemporary multicultural moment in Germany” (Davis 2013:iii).

Die roman beeld die lewenswyse in die tyd van die Duitse burgery noukeurig uit, met Pruisiese vorstehuse nog in volle gang. Vervoer was nog te voet, te perd of per koets. Daar word verwys na konings, die adel, huismeesters en diensknegte, en Kehlmann dryf telkens in die roman subtiel die spot met die sosiale orde en gebruike van die tydperk (vergelyk byvoorbeeld 6.2.1 (b)).

Een van die hoofemas in die roman is ook die toenemende chaos van die lewe, veral wanneer die ouderdom intree (Von Lovenberg 2013:35). Die twee hoofkarakters word uitgebeeld wanneer hulle oud en onbeholpe is. Die aftakelingsproses van oudword word deernisvol behandel, en deur subtiel humor te gebruik toon Kehlmann dat hierdie “groot geeste” ook gewone mense is.

Soos dit ook op die flaptteks beskryf word, kan die roman as ’n avontuurroman gelees word, sonder dat mens besef dat dit oor historiese figure gaan. Die stof word so aangebied dat ’n spanningslyn behou word, afgewissel deur menige humoristiese insident.

b. Voorkennis van die leser

Aangesien die bronteks op ’n Duitssprekende publiek gemik is, kan aanvaar word dat ’n basiese kennis van die Duitse kultuurgeskiedenis voorveronderstel word. Die name Gauss en Von Humboldt sal waarskynlik vir die Duitse leser vanuit skoolverband bekend wees. Verskeie wiskundige en statistiese metodes, asook ’n belangrike wet van die fisika, dra Gauss se naam. Die naam Von Humboldt is eweneens bekend vanuit die geskiedenis, maar ook na aanleiding van die universiteit in Berlyn wat na sy broer vernoem is.

Die brontekstlesers is waarskynlik ook vertrouwd met die geskiedkundige agtergrond van die gebeure in die roman, soos dat toe Gauss in 1828 sy reis na Berlyn aangepak het, die Duitstalige lande effektief 'n polisiestaat onder aanvoering van die Oostenryker Metternich was. Dit sal hulle in staat stel om die geskiedkundige konteks rondom bepaalde gebeure, soos wanneer Gauss se koets deur een van die grensposte moet gaan (vergelyk die proefvertaling DT4), te verstaan. Potensiële Afrikaanse doeltekstlesers sal waarskynlik met figure soos Napoleon (vergelyk die proefvertaling in 5.3 (b)) vertrouwd wees en dié met 'n wetenskaplike agtergrond sal waarskynlik van Gauss kennis dra, maar nie noodwendig van al die geskiedkundige fynghede nie.

Daar is in die roman ook talle intertekstuele verwysings na die Duitse letterkunde en geskiedenis waarmee die gemiddelde Duitse leser waarskynlik vertrouwd sal wees. Binne die Suid-Afrikaanse verband kan daar nie sonder meer aanvaar word dat doeltekstlesers oor hierdie agtergrondkennis sal beskik nie.

Die sukses van ander vertalings van die roman (vergelyk 4.1.1 (d)) kan egter beskou word as 'n aanduiding dat hierdie probleme nie onoorkomelik is nie. 'n Kort voorwoord tot 'n Afrikaanse vertaling waarin 'n oorsig oor die agtergrond van die roman gegee word, sou byvoorbeeld die nodige geskiedkundige konteks kon verskaf.

c. Woordgebruik, sinsbou en styl

Die roman speel, soos reeds genoem, in die 19de eeu af en Kehlmann slaag daarin om deur sy woordkeuse, sinsbou en styl 'n ouwêreldse atmosfeer te skep. Dit is belangrik dat die atmosfeer in die vertaling behoue bly, terwyl idiomatiese Afrikaans gebruik word om nie die moderne leser te vervreem nie. Daar is ook reeds verwys na Kehlmann se humoristiese aanslag en die gebruik van satire – tekstuele kenmerke wat tydens die vertaalproses voortdurend in gedagte gehou moet word. Ten spyte van hierdie uitdagings word die Afrikaanse vertaling waarskynlik vergemaklik deur soortgelyke woordordestrukture in Afrikaans en Duits. Daar is ook heelwat idiomatiese ooreenkomste tussen die twee tale, byvoorbeeld “aber Alexander von Humboldt war hartnäckig geblieben” / “maar Alexander von Humboldt het hardnekkig aangehou” (vergelyk 5.2.2 (a)). In afdeling 6.2.2 word daar spesifiek aandag geskenk aan die uitdagings wat taalspesifieke kenmerke, waarby woordkeuses en sinsbou ingesluit word, aan die vertaler stel.

4.2 Die profiel van tipiese doeltekstlesers

Die profiel van die brontekstlesers, en ook die agtergrondkennis wat die brontekstskrywer aanneem hierdie lesers sal hê, is belangrik om in gedagte te hou wanneer 'n brontekst met die oog op vertaling ontleed word (Nord 2005). Vir die vertaling self is dit uiteraard ook nodig om na die profiel van die doeltekstlesers te kyk om te bepaal of daar spesifieke aanpassings gemaak moet word ten einde by die vertaalbenadering in te pas. In die lig van die vertaalbenadering waarop ons besluit het, is dit dus nodig dat ons bepaal welke, indien enige, aanpassings aan die teks nodig is om enersyds aan die spesifieke styl van die brontekst reg te laat geskied en andersyds ook die behoeftes van die doeltekstlesers in ag te neem sodat hulle by die doeltekst aanklank sal vind. Om hierdie besluite te motiveer, moet 'n profiel van potensiële doeltekstlesers van die Afrikaanse vertaling vasgestel word.

'n Afrikaanse vertaling van die roman sou by 'n breë leserspubliek byval kon vind. Eerstens kan die roman, veral op grond van die humoristiese aanslag daarvan, as gewone fiksie gelees word – en Afrikaanse lesers sou waarskynlik die grappige episodes kon waardeer. Doelteklesers hoef nie noodwendig daarvan bewus te wees dat dit eintlik oor historiese figure gaan nie – soos reeds genoem, is die satirisering van die Duitse kultuur selfs in Duitsland nie altyd deur die deursneeleser van die bronteks opgemerk nie.

Lesers met 'n belangstelling in aardrykskunde en geskiedenis sal waarskynlik meer uit die teks haal, insluitende die satirisering van “Duits-wees”. Afrikaanse lesers is verder verwyder van die Duitse kultuur as die bronteklesers, maar die Tweede Wêreldoorlog het tog belangstelling in Duitsland gestimuleer en sommige Duitse stereotipes is waarskynlik redelik algemeen bekend.

Hoewel doelteklesers met 'n redelike kennis van die natuurwetenskappe, en wat vertrou is met die historiese figure, die roman sal kan kontekstualiseer, kan hulle moontlik ook, soos sommige Duitse lesers, deur die “onakkuraathede” waarna 'n aantal resensente verwys (4.1.1 (d)) gesteur word.

Ten spyte van moontlike beperkinge, soos gebrekkige agtergrondkennis (4.1.2 (b)), wat doelteklesers se reaksie op 'n Afrikaanse vertaling kan beïnvloed, toon die wêreldwye sukses van vertalings van die roman dat die internasionale gemeenskap wel daarby aanklank vind. Ons is dus van mening dat 'n Afrikaanse vertaling dieselfde sou kon regkry, en dat 'n voorwoord tot 'n Afrikaanse vertaling – waarin kwessies soos onder andere die “onakkuraathede” in en die satiriese aanslag van die bronteks bespreek word – sinvol sou wees.

4.3 Die doel van die vertaling

Die doel van die vertaling van *Die Vermessung der Welt* is om 'n doelteks in Afrikaans daar te stel wat sal voldoen aan die bronteksskrywer se oogmerke en waarin daar terselfdertyd aan potensiële doelteklesers se ervaring van die teks oorweging geskenk word.

Gegewe die belangrikheid van die verskillende kulture (3.1 (b)) meen ons dat hierdie doel ten beste bereik kan word deur 'n pragmatiese funksionalistiese vertaalbenadering volgens Nord se beginsel van lojaliteit plus skoposteorie. Volgens Nord (1997b:81) het 'n literêre teks 'n besondere konnotatiewe, ekspressiewe en estetiese betekenis. Dit is hierdie betekenis wat nie in die vertaalproses verlore mag gaan nie.

Veral in gevalle waar 'n bronteksskrywer se besondere skryfstyl en die doelstelling, asook die aard en genre van 'n literêre teks kernbelangrik is, is sodanige vertaalbenadering dikwels die aangewese opsie (vergelyk byvoorbeeld Muller 2006:21) se proefvertaling van Alexander McCall Smith se *The No. 1 Ladies' Detective Agency*).⁸ *Die Vermessung der Welt* is 'n teks wat, soos reeds bespreek, duidelik ook in 'n soortgelyke kategorie val.

Die skopos vir hierdie vertaling kan dus soos volg geformuleer word:

- Dit moet 'n literêre vertaling wees wat die konnotatiewe, ekspressiewe en estetiese funksie van die bronteks eerbiedig.

- Dit moet 'n direkte vertaling wees wat sover moontlik die atmosfeer van die bronteks probeer behou.
- Die verwysings na en die ironisering van historiese en wetenskaplike aspekte moet vir die gesofistikeerde leser behou word.
- Die avontuur en humor moet behou word sodat die minder gesofistikeerde leser die doelteks kan geniet as 'n avontuurroman wat in die 19de eeu afspeel.

5. Proefvertaling

Die vertaling van vier uittreksels uit die bronteks word hier onder aangebied: die beginparagrafe van hoofstukke een en twee, asook 'n latere gedeelte uit elk van hierdie twee hoofstukke. Die keuse van 'n titel vir die doelteks word ook bespreek.

5.1 Die vertaling van die romantitel

Ons het *Die opmeet van die wêreld* as vertaling gekies omdat dit kort en treffend is en nou ooreenstem met die titel van die bronteks. Die deeltjie *op-* sinspeel ook op oordadigheid of oorywerigheid, en die bykans absurde gevoel wat die letterlike interpretasie (om die hele wêreld op te meet) verleen, skakel goed met Kehlmann se doelstelling dat hy 'n teks wou skep wat klink asof dit geskryf is deur 'n historikus wat aan die mal word is (4.1.1 (c)). 'n Ander moontlikheid sou kon wees *Die wêreld word opgemeet*, hoewel die gebruik van die lydende vorm in hierdie geval nie die gevoel van die brontekstitel ewe effektief oordra nie en effe omslagtiger voorkom. Die lydende vorm plaas die klem ook op “die wêreld”, waar dit in die bronteks- en in die gekose doelteksitel eerder op “die opmeet” val.

Ander terme vir *opmeet*, soos *opmeting*, *meting*, *meet* of *bemeting* sou ook moontlikhede kon wees. *Opmeet* is egter gekies omdat dit die handeling van meet uitbeeld en formeler aandoen as byvoorbeeld *meet*, en sodoende inskakel by die toon van die bronteks wat in die doelteks behoue moet bly. 'n Mens sou kon aanvoer dat daar ook sprake van ander metings is, maar die hoofklem is op die opmeet van die aarde - 'n aktiwiteit waarby albei hooffigure betrokke was. Die keuse van “wêreld” eerder as “aarde” word gemotiveer deur die titel van die bronteks. Die titels van baie ander doeltekste stem ook nou met dié van die bronteks ooreen: vir die Engelse doelteks is *Measuring the world* (vert. Carol Brown Janeway) (Kehlmann 2007a) gekies, vir die Nederlandse doelteks *Het meten van de wereld* (vert. J. Vogelaar) (Kehlmann 2007b) en vir die Frans *Les arpenteurs du monde (Die landmeters/opmeters van die wêreld)* (vert. J. Aubert) (Kehlmann 2009).

5.2 Proefvertaling

5.2.1 Werkswyse

Uittreksel I, uit die eerste gedeelte van die eerste hoofstuk van die bronteks, getiteld “Die reis”, beskryf Gauss se voorbereidings vir sy reis. Dit is interessant om op te merk dat die datum aan die begin (September 1828) die enigste verwysing na tyd in die hele teks is.⁹ In die tweede uittreksel uit die eerste hoofstuk (Uittreksel II) word 'n komiese episode by die grenspos beskryf: 'n polisiebeampte van die Duitse Bond,¹⁰ wat toe met 'n ysterhand regeer het (verwys ook 6.2.3), wil Gauss en sy seun se paspoorte sien.

In Uittreksel III, die eerste gedeelte van die tweede hoofstuk, getiteld “Die see”, maak die leser kennis met die Von Humboldts. In die laaste uittreksel (Uittreksel IV), ook uit hoofstuk 2, onderwerp Alexander von Humboldt hom aan pyniging ter wille van die wetenskap en ontsien in die proses nie eers sy eie liggaam nie.

Die vertaling van die gekose uittreksels word hier onder telkens saam met die ooreenstemmende uittreksels uit die bronteks aangebied. Die paragrawe is genommer om kruisverwysings na bepaalde voorbeelde in die bespreking, wat in afdeling 6 aan bod kom, te vergemaklik.

5.2.2 Proefvertaling van gekose uittreksels

a. Uittreksel I

<i>Die Vermessung der Welt (BT)</i>	<i>Die opmeet van die wêreld (DT)</i>
Die Reise	Die reis
BT1	DT1
Im September 1828 verließ der größte Mathematiker des Landes zum erstenmal seit Jahren seine Heimatstadt, um am Deutschen Naturforscherkongreß in Berlin teilzunehmen. Selbstverständlich wollte er nicht dorthin. Monatelang hatte er sich geweigert, aber Alexander von Humboldt war hartnäckig geblieben, bis er in einem schwachen Moment und in der Hoffnung, der Tag käme nie, zugesagt hatte.	In September 1828 verlaat die land se grootste wiskundige vir die eerste keer in baie jare sy geboortestad om ’n Duitse natuurwetenskaplike kongres in Berlyn by te woon. Natuurlik wil hy nie daarheen gaan nie. Maande lank het hy geweier, maar Alexander von Humboldt het hardnekkig aangehou, totdat hy in ’n oomblik van swakheid ingestem het en met die hoop dat dié dag nooit sou aanbreek nie.
BT2	DT2
Nun also versteckte sich Professor Gauß im Bett. Als Minna ihn aufforderte aufzustehen, die Kutsche warte und der Weg sei weit, klammerte er sich ans Kissen und versuchte seine Frau zum Verschwinden zu bringen, indem er die Augen schloß. Als er sie wieder öffnete und Minna noch immer da war, nannte er sie lästig, beschränkt und das Unglück seiner späten Jahre. Da auch das nicht half, streifte er die Decke ab und setzte die Füße auf den Boden.	Nou kruip professor Gauss onder die beddegoed weg. Toe Minna hom aansê om op te staan omdat die koets reeds wag en die pad lank is, klou hy aan die kussing vas en probeer sy vrou laat verdwyn deur sy oë toe te knyp. Toe hy hulle oopmaak en Minna is nog steeds daar, sê hy sy is ’n oorlas, bekrompe en vir hom dié ellende van sy ouderdom. Toe dít ook nie help nie, pluk hy die komberse af en sit sy voete op die grond neer.
BT3	DT3
Grimmig und notdürftig gewaschen ging er die Treppe hinunter. Im Wohnzimmer wartete sein Sohn Eugen mit gepackter Reisetasche. Als	Knorrig en met net die nodigste gewas, gaan hy met die trap af. In die woonkamer wag sy seun Eugen met sy bagasie. Gauss is dadelik

<p>Gauß ihn sah, bekam er einen Wutanfall: Er zerbrach einen auf dem Fensterbrett stehenden Krug, stampfte mit dem Fuß und schlug um sich. Er beruhigte sich nicht einmal, als Eugen von der einen und Minna von der anderen Seite ihre Hände auf seine Schultern legten und beteuerten, man werde gut für ihn sorgen, er werde bald wieder daheim sein, es werde so schnell vorbeigehen wie ein böser Traum. Erst als seine uralte Mutter, aufgestört vom Lärm, aus ihrem Zimmer kam, ihn in die Wange kniff und fragte, wo denn ihr tapferer Junge sei, faßte er sich. Ohne Herzlichkeit verabschiedete er sich von Minna; seiner Tochter und dem jüngsten Sohn strich er geistesabwesend über den Kopf. Dann ließ er sich in die Kutsche helfen.</p> <p>(Kehlmann 2006:7–8)</p>	<p>woedend toe hy hom sien: hy breek 'n kruik wat op die vensterbank staan, stamp sy voete en swaai sy vuiste wild rond. Hy word nie eers kalmer toe Eugen en Minna hom aan weerskante met hul hande op sy skouers probeer verseker die mense sal goed vir hom sorg, hy sal gou weer tuis wees en dit sal gouer verby wees as 'n nare droom nie. Dit is eers wanneer sy stokou moeder, gesteur deur die lawaai, uit haar kamer kom, hom op die wang knyp en vra wat het dan van haar dapper seuntjie geword dat hy hom regruk. Hy neem sonder veel hartlikheid afskeid van Minna en streel ingedagte oor sy dogter en jongste seun se koppe. Toe eers kan hulle hom by die koets inhelp.</p>
--	--

b. Uittreksel II

<p>BT4</p> <p>Sie löffelten schweigend, bis der Gendarm von der Grenzstation hereinkam und ihre Pässe verlangte. Eugen gab ihm seinen Passierschein: ein Zertifikat des Hofes, in dem stand, daß er, wiewohl Student, unbedenklich sei und in Begleitung des Vaters preußischen Boden betreten dürfe. Der Gendarm betrachtete ihn mißtrauisch, prüfte den Paß, nickte und wandte sich Gauß zu. Der hatte nichts.</p>	<p>DT4</p> <p>Hulle eet hulle sop in stilte totdat die gendarme, een van die owerheid se polisiesoldate, van die grenspos inkom en na hul paspoorte vra. Eugen gee vir hom sy reisdokument: 'n sertifikaat van die hofhouding waarin staan dat hy, hoewel nog student, bo verdenking is en ter begeleiding van sy vader die Pruisiese bodem mag betree. Die gendarme bekyk hom wantrouig, ondersoek sy paspoort, knik, en draai na Gauss. Hy het níks nie.</p>
<p>BT5</p> <p>Gar keinen Paß, fragte der Gendarm überrascht, keinen Zettel, keinen Stempel, nichts?</p>	<p>DT5</p> <p>Geen paspoort nie, vra die gendarme verras, geen kaartjie, geen stempel nie, niks?</p>
<p>BT6</p> <p>Er habe so etwas noch nie gebraucht, sagte Gauß. Zum letztenmal habe er Hannovers Grenzen vor zwanzig Jahren überschritten. Damals habe er keine Probleme gehabt.</p>	<p>DT6</p> <p>Hy het nog nooit so iets nodig gehad nie, sê Gauss. Die laaste keer toe hy oor Hannover se grens gereis het, was twintig jaar gelede. Toe was daar geen probleem nie.</p>

BT7	DT7
Eugen versuchte zu erklären, wer sie seien, wohin sie führen und auf wessen Wunsch. Die Naturforscherversammlung finde unter Schirmherrschaft der Krone statt. Als ihr Ehrengast sei sein Vater gewissermaßen vom König eingeladen.	Eugen probeer verduidelik wie hulle is, waarheen hulle reis en op wie se uitnodiging. Die kongres van natuurkundiges vind plaas onder die beskerming van die Kroon. Sy vader is as 't ware deur die koning uitgenooi.
BT8	DT8
Der Gendarm wollte einen Paß.	Die gendarme wil 'n paspoort hê.
BT9	DT9
Er könne das ja nicht wissen, sagte Eugen, aber sein Vater werde verehrt in entferntesten Ländern, sei Mitglied aller Akademien, werde seit früher Jugend Fürst der Mathematiker genannt.	Hy sal dit miskien nie weet nie, sê Eugen, maar sy vader word in die vérste lande vereer, is 'n lid van álle akademies en word sedert sy jeug die koning van die wiskundiges genoem.
BT10	DT10
Gauß nickte. Man sage, Napoleon habe seinetwegen auf den Beschuß Göttingens verzichtet.	Gauss knik sy kop. Ja, daar word gesê dat Napoleon om sy ontwil daarvan afgesien het om Göttingen te bombardeer.
BT11	DT11
Eugen wurde blaß.	Eugen word bleek.
BT12	DT12
Napoleon, wiederholte der Gendarm.	Napoleon, herhaal die gendarme.
BT13	DT13
Allerdings, sagte Gauß.	Inderdaad, sê Gauss.
BT14	DT14
Der Gendarm verlangte, etwas lauter als zuvor, einen Paß.	Die gendarme versoek, ietwat harder as die vorige keer, 'n paspoort.
BT15	DT15
Gauß legte den Kopf auf seine Arme und rührte sich nicht. Eugen stieß ihn an, doch ohne Erfolg. Ihm sei es egal, murmelte Gauß, er wolle nach Hause, ihm sei es ganz egal.	Gauss laat sy kop op sy arms rus en roer nie. Eugen stamp aan hom, sonder sukses. Vir hom is dit om 't ewe, mompel Gauss. Hy wil huis toe gaan, vir hom maak dit hoegenaamd

BT16	nie saak nie.
Der Gendarm rückte verlegen an seiner Mütze.	DT16 Die gendarme verstel verleë aan sy pet.
BT17	DT17
Da mischte sich der Mann am Nebentisch ein. Das alles werde enden! Deutschland werde frei sein, und gute Bürger würden unbehelligt leben und reisen, gesund an Körper und Geist, und kein Papierzeug mehr brauchen.	Op daardie oomblik tree die man by die tafel langsaan tot die gesprek toe. Dit sal alles tot 'n einde kom! Duitsland sal vry wees, goeie landsburgers sal ongesteurd lewe en reis, gesond na liggaam en gees, en geen papierwerk nodig hê nie.
BT18	DT18
Ungläubig verlangte der Gendarm seinen Ausweis. Das eben meine er, rief der Mann und kramte in seinen Taschen. Plötzlich sprang er auf, stieß seinen Stuhl um und stürzte hinaus. Der Gendarm starrte ein paar Sekunden auf die offene Tür, bevor er sich faßte und ihm nachlief.	Uit die veld geslaan vra die gendarme sy identifikasie. Dis presies wat hy bedoel, roep die man en vroetel in sy sakke. Skielik spring hy op, stamp sy stoel om en hardloop uit. Die gendarme staar 'n paar sekondes lank na die oop deur voordat hy tot verhaal kom en die man agternasit.
BT19	DT19
Gauß hob langsam den Kopf. Eugen schlug vor, sofort weiterzufahren. Gauß nickte und aß schweigend den Rest der Suppe. Das Gendarmenhäuschen stand leer, beide Polizisten hatten sich an die Verfolgung des Bärtigen gemacht. Eugen und der Kutscher wuchteten gemeinsam den Schlagbaum in die Höhe. Dann fuhren sie auf preußischen Boden.	Gauss lig sy kop langsaam op. Eugen stel voor dat hulle verder reis. Gauss knik sy kop en eet in stilte die res van die sop. Die gendarme se waghuisie is leeg, albei polisiebeamptes het die baardman agternagesit. Eugen en die koetsier swoeg om saam die valboom op te lig. Daarna ry hulle die Pruisiese grondgebied binne.
(Kehlmann 2006:10-12)	

c. Uittreksel III

Das Meer	Die see
BT20	DT20
Alexander von Humboldt war in ganz Europa berühmt wegen einer Expedition in die Tropen, die er fünfundzwanzig Jahre zuvor unternommen hatte.	Alexander von Humboldt is deur die ganse Europa bekend danksy 'n ekspedisie wat hy vyf-en-twintig jaar tevore na die trope onderneem het.

<p>BT21</p> <p>Er war in Neuspanien, Neugranada, Neubarcelona, Neuandalusien und den Vereinigten Staaten gewesen, hatte den natürlichen Kanal zwischen Orinoko und Amazonas entdeckt, den höchsten Berg der bekannten Welt bestiegen, Tausende Pflanzen und Hunderte Tiere, manche lebend, die meisten tot, gesammelt, hatte mit Papageien gesprochen, Leichen ausgegraben, jeden Fluß, Berg und See auf seinem Weg vermessen, war in jedes Erdloch gekrochen und hatte mehr Beeren gekostet und Bäume erklettert, als sich irgend jemand vorstellen mochte.</p>	<p>DT21</p> <p>Hy was in Nieu-Spanje, Nieu-Granada, Nieu-Barcelona, Nieu-Andalusië en die Verenigde State. Hy het die natuurlike kanaal tussen die Orinoko en die Amasone ontdek, die hoogste berg in die tóé bekende wêreld uitgeklim, duisende plante en honderde diere versamel, sommige lewend, die meeste dood. Hy het met papegaaië gepraat en lyke opgegrawe; elke rivier, berg en meer wat in sy pad gekom het, opgemeet. Hy het in elke gat in die aarde ingekruip en het meer bessies geproe en bome uitgeklouter as waarvan enigiemand sou kon droom.</p>
<p>BT22</p> <p>Er war der jüngere von zwei Brüdern. Ihr Vater, ein wohlhabender Mann von niederem Adel, war früh gestorben. Seine Mutter hatte sich bei niemand anderem als Goethe erkundigt, wie sie ihre Söhne ausbilden solle.</p>	<p>DT22</p> <p>Hy was die jongste van twee broers. Hulle vader, 'n welgestelde man uit die laer adelstand, is vroeg oorlede. Sy moeder het by niemand anders nie as Goethe gaan raad vra oor hoe sy haar seuns moes laat opvoed.</p>
<p>BT23</p> <p>Ein Brüderpaar, antwortete dieser, in welchem sich so recht die Vielfalt menschlicher Bestrebungen ausdrücke, wo also die reichen Möglichkeiten zu Tat und Genuß auf das vorbildlichste Wirklichkeit geworden, das sei in der Tat ein Schauspiel, angetan, den Sinn mit Hoffnung und den Geist mit mancherlei Überlegung zu erfüllen.</p>	<p>DT23</p> <p>'n Broederpaar, het Goethe geantwoord, in wie die veelvoud van menslike strewes so reg tot uitdrukking kom, waar aldus die ryke moontlikhede van daad en genieting die mees voorbeeldige werklikheid word, dit is inderdaad 'n skouspel, opgetooi om die sintuie met hoop en die gees met velerlei gedagtes te vul.</p>
<p>BT24</p> <p>Diesen Satz verstand keiner. Nicht die Mutter, nicht ihr Majordomus Kunth, ein magerer Herr mit großen Ohren. Er meine zu begreifen, sagte Kunth schließlich, es handle sich um ein Experiment. Der eine solle zum Mann der Kultur ausgebildet werden, der andere zum Mann der Wissenschaft.</p>	<p>DT24</p> <p>Niemand verstaan hierdie sin nie. Nóg hulle moeder nóg haar huismeester Kunth, 'n maer mannetjie met bakore. Hy dink hy begryp, sê Kunth uiteindelik. Dit gaan oor 'n eksperiment. Die een moet as 'n man van die kultuur opgevoed word en die ander een as 'n man van die wetenskap.</p>
<p>BT25</p> <p>Und welcher wozu?</p>	<p>DT25</p> <p>En watter een waarvoor?</p>

BT26	DT26
Kunth überlegte. Dann zuckte er die Schultern und schlug vor, eine Münze zu werfen. (Kehlmann 2006:19-20)	Kunth peins. Dan trek hy sy skouers op en stel voor dat 'n muntstuk opgeskiet word.

d. Uittreksel IV

BT27	DT27
Zufällig stieß er auf Galvanis Buch über den Strom und die Frösche. Galvani hatte abgetrennte Froschschenkel mit zwei unterschiedlichen Metallen verbunden, und sie hatten gezuckt wie lebendig. Lag das nun an den Schenkeln, in denen noch Lebenskraft war, oder war die Bewegung von außen gekommen, aus dem Unterschied der Metalle, und von den Froschteilen bloß sichtbar gemacht? Humboldt beschloß, es herauszufinden.	Toevallig kom hy op die boek van Galvani oor elektrisiteit en paddas af. Galvani het afgesnyde paddabeentjies aan twee verskillende metale verbind en dan het hulle gekop asof hulle lewend was. Was die oorsaak in die beentjies wat nog lewenskrag oorgehad het of het die beweging van buite gekom, uit die verskil van die metale, en die paddabeentjies het dit net sigbaar gemaak? Humboldt besluit om uit te vind.
BT28	DT28
Er zog sein Hemd aus, legte sich aufs Bett und wies einen Diener an, zwei Aderlaßpflaster auf seinen Rücken (sic) zu kleben. Der Diener gehorchte, Humboldts Haut warf zwei große Blasen. Und jetzt sollte er die Blasen aufschneiden! Der Diener zögerte, Humboldt mußte laut werden, der Diener nahm das Skalpell. Es war so scharf, daß der Schnitt kaum schmerzte. Blut tropfte auf den Boden. Humboldt befahl, ein Stück Zink auf eine der Wunden zu legen.	Hy trek sy hemp uit, gaan lê op die bed en verduidelik aan die dienskneg om twee bloedlaatpleisters op sy rug te plak. Die dienskneg gehoorsaam en op Humboldt se vel verskyn twee groot blase. En nou moet hy die blase oopsny! Die dienskneg huiwer, Humboldt moet hom streng aanspreek, die dienskneg neem die skalpel. Dit is so skerp dat die snit skaars gevoel word. Bloed drup op die vloer. Humboldt beveel hom om 'n stuk sink op een van die wonde te plaas.
BT29	DT29
Der Diener fragte, ob er eine Pause machen dürfe, ihm sei nicht wohl.	Die dienskneg vra of hy maar vir 'n oomblik verskoon kan word, hy voel nie wel nie.
BT30	DT30
Humboldt bat ihn, sich nicht dumm anzustellen. Als ein Silberstück die zweite Wunde berührte, ging ein schmerzhaftes Pochen durch seine Rückenmuskeln, bis hinauf in den Kopf. Mit zitternder Hand	Humboldt sê hy moet hom nie dom hou nie. Toe 'n silwerstuk aan die tweede wond raak, gaan 'n pynlike spasma deur sy rugspiere, tot bo in sy kop. Met 'n bewerige hand noteer hy: Musculus cucularis, agterkopbeen,

<p>notierte er: Musculus cucularis, Hinterhauptbein, Stachelfortsätze des Rückenwirbelbeins. Kein Zweifel, hier wirkte Elektrizität. Noch einmal das Silber! Er zählte vier Schläge, in regelmäßigem Abstand, dann wichen die Farben aus den Gegenständen.</p>	<p>uitsteeksels van rugwerwels. Dit is sonder twyfel die werk van elektrisiteit. Humboldt dring aan: Nog 'n keer die silwer! Hy tel vier skokke, reëlmatig gespaseer, daarna verdwyn alle kleur uit die voorwerpe.</p>
<p>BT31</p>	<p>DT31</p>
<p>Als er wieder zu sich kam, saß der Diener auf dem Boden, das Gesicht bleich, die Hände blutig.</p>	<p>Toe hy weer bykom, sien hy die dienskneg op die vloer, sy gesig bleek en sy hande vol bloed.</p>
<p>BT32</p>	<p>DT32</p>
<p>Weiter, sagte Humboldt, und mit seltsamem Schrecken (sic) wurde ihm klar, daß etwas in ihm Lust empfand. Jetzt die Frösche!</p>	<p>Nóg, sê Humboldt, en met 'n snaakse gewaarwording van skok besef hy dat iets in hom dit geniet. Nou die paddas!</p>
<p>BT33</p>	<p>DT33</p>
<p>Das nicht, sagte der Diener.</p>	<p>Nie dít nie, sê die dienskneg.</p>
<p>BT34</p>	<p>DT34</p>
<p>Humboldt fragte, ob er sich eine neue Anstellung suchen wolle.</p>	<p>Humboldt vra of hy vir hom 'n ander werk wil soek.</p>
<p>BT35</p>	<p>DT35</p>
<p>Der Diener legte vier tote, sorgsam gereinigte Frösche auf Humboldts blutigen Rücken. Aber jetzt reiche es, sagte er, sie seien doch Christenmenschen.</p>	<p>Die dienskneg plaas vier dooie, sorgvuldig skoongemaakte paddas op Humboldt se bloedbesmeerde rug. Maar nou gaan dit te ver, sê hy, hulle is tog Christenmense.</p>
<p>BT36</p>	<p>DT36</p>
<p>Humboldt ignorierte ihn und befahl: Wieder das Silber! Schon kamen die Schläge. Bei jedem davon, er sah es im Spiegel, sprangen die Froschleiber wie lebendig. Er biß in das Kissen, der Stoff war naß von seinen Tränen. Der Diener kicherte hysterisch, Humboldt wollte Notizen machen, aber seine Hände waren zu schwach. Mühsam stand er auf. Aus den zwei Wunden lief Flüssigkeit, so ätzend, daß sie seine Haut entzündete. Humboldt versuchte etwas davon in einem Glasröhrchen aufzufangen, aber seine Schulter war</p>	<p>Humboldt ignoreer hom en beveel: Weer die silwer! Hy voel weer die skokke. Met elke skok sien hy in die spieël hoe die dooie paddas spring asof hulle lewend is. Hy byt die kussing vas, die materiaal is reeds papnat van sy trane. Die dienskneg giggel hysteries, Humboldt wil notas maak, maar sy hande is te swak. Met moeite staan hy op. Uit die twee wonde loop 'n vloeistof, so suur dat dit sy vel brand. Humboldt probeer om dit in 'n proefbuis op te vang, maar sy skouer is geswel en hy kan nie omdraai nie. Hy kyk in</p>

geschwollen, und er konnte sich nicht drehen. Er sah den Diener an.	die rigting van die dienskneg.
BT37	DT37
Der schüttelte den Kopf.	Dié skud sy kop.
BT38	DT38
Na gut, sagte Humboldt, dann solle er jetzt in Gottes Namen den Arzt holen! Er wischte sich das Gesicht ab und wartete, bis er wieder fähig war, die Hände zu gebrauchen und das Nötigste aufzuschreiben. Strom war geflossen, das hatte er gespürt, und entsprungen war er nicht seinem Körper und nicht den Fröschen, sondern der chemischen Feindschaft der Metalle.	Nou goed dan, sê Humboldt, maar dan moet hy in hemelsnaam nou die dokter ontbied! Hy vee sy gesig af en wag tot hy weer in staat is om sy hande te gebruik en die nodigste neer te skryf. 'n Elektriese stroom het gevloei, dít het hy gevoel, en dít het nie in sy liggaam ontstaan nie en ook nie in die paddas nie, maar as gevolg van die chemiese vyandigheid van die metale.
BT39	DT39
Es war nicht leicht, dem Arzt zu erklären, was hier geschehen war. Der Diener kündigte in der Woche darauf, zwei Narben blieben, und die Abhandlung über die lebendige Muskelfaser als leitende Substanz begründete Humboldts wissenschaftlichen Ruf.	Dit was nie 'n eenvoudige saak om aan die dokter te verduidelik wát presies hier gebeur het nie. Die dienskneg het die volgende week bedank, twee rowe het oorgebly en sy referaat oor die lewende spier as geleier van elektrisiteit het die grondslag gelê vir Humboldt se wetenskaplike loopbaan.
(Kehlmann 2006:31–3)	

6. Bespreking van vertaalprobleme aan die hand van Nord se klassifikasie

6.1 Agtergrond

In hierdie afdeling word daar aangetoon hoe die teoretiese beginsels van die funksionalisme die vertaalproses gerig en vertaalbesluite beïnvloed het. Ten einde aan die bespreking struktuur te verleen en terselfdertyd aan te dui hoe veral taal en kultuur die vertaalproses geraak het, word daar van Nord se klassifikasie van vertaalprobleme as strukturele raamwerk vir die bespreking gebruik gemaak.

Dit is uiteraard nie moontlik om alle oorwegings en besluite wat tydens die vertaalproses geneem is te bespreek nie. Die onderafdeling wat volg, fokus op voorbeelde wat spesifieke uitdagings ingehou het weens van die faktore wat in afdeling 4 bespreek is. So byvoorbeeld bring die bronteksskrywer se gebruik van humor en satire (4.2.1) teksspesifieke vertaalprobleme mee, soos in 6.2.1 gesien kan word.

6.2 Nord se klassifikasie van vertaalprobleme

Nord (1997a:58) het die tipiese probleme wat gedurende die vertaalproses voorkom, sistematies geklassifiseer. Sy beskou hierdie vertaalprobleme as uitdagings wat die vertaler moet oorkom. In haar klassifikasie onderskei sy tussen teksspesifieke, intertalige, pragmatiese en interkulturele vertaalprobleme. Sy beklemtoon dat daar dikwels oorvleueling tussen hierdie kategorieë sal voorkom, en in die bespreking hier onder sal dit duidelik word dat dit ook in hierdie vertaalsituasie die geval is – veral met verwysing na interkulturele en pragmatiese vertaalprobleme. Voorbeelde uit die proefvertaling van interkulturele en pragmatiese vertaalprobleme word in die bespreking hier onder (6.2.3) ook saam hanteer.

6.2.1 Teksspesifieke vertaalprobleme

Hierdie tipe vertaalprobleme is volgens Nord dié wat spesifiek betrekking het op die teks wat vertaal word. Volgens Nord (1997a:61) sluit hierdie kategorie metafore, vergelykings, woordspel, stylfigure, e.d.m. in, wat impliseer dat ook humor, ironie en satire as teksspesifieke vertaalprobleme beskou kan word. Soos in 4.1.1 genoem, is humor, ironie en satire hoofkenmerke van die bronteks. In sy bespreking van hierdie drie begrippe beklemtoon Singh (2012:65) dat hulle aspekte het wat oorvleuel en dus soms as sinonieme gebruik word.

Nord (1997a:61) lê klem daarop dat die funksionele kriteria tydens die vertaalhandeling in ag geneem moet word. By die hantering van teksspesifieke vertaalprobleme moet daar dus byvoorbeeld gelet word op die funksie van humor, ironie of satire in die bronteks, sodat dieselfde funksie in die doelteks vervul kan word. Hier onder word enkele voorbeelde gegee van hoe humor, ironie en satire as teksspesifieke vertaalprobleme in die proefvertaling hanteer is.

a. Humor

Singh (2012:65) beskryf humor as die herkenning en uitdrukking van teenstrydighede of eienaardighede in 'n situasie of karakter. Volgens hierdie definisie kom daar op bykans elke bladsy van die bronteks humor voor.

'n Tipiese voorbeeld van 'n humoristiese situasie is waar professor Gauss se vertrek op sy reis na die kongres beskryf word (BT2, Kehlmann 2006:7–8):

Nun also versteckte sich Professor Gauß im Bett. Als Minna ihn aufforderte aufzustehen, die Kutsche warte und der Weg sei weit, klammerte er sich ans Kissen und versuchte seine Frau zum Verschwinden zu bringen, indem er die Augen schloß. Als er sie wieder öffnete und Minna noch immer da war, nannte er sie lästig, beschränkt und das Unglück seiner späten Jahre.

Hierdie gedeelte is soos volg vertaal (DT2):

Nou kruip professor Gauss onder die beddegoed weg. Toe Minna hom aansê om op te staan omdat die koets reeds wag en die pad lank is, klou hy aan die kussing vas en probeer sy vrou laat verdwyn deur sy oë toe te knyp. Toe hy hulle oopmaak en Minna is nog steeds daar, sê hy sy is 'n oorlas, bekrompe en vir hom dié ellende van sy

ouderdom. Toe dít ook nie help nie, pluk hy die komberse af en sit sy voete op die grond.

Vir die vertaling van hierdie paragraaf is dit belangrik om dieselfde komiese situasie in die doeltteks te skilder as wat in die bronteks uitgebeeld word. Deur byvoorbeeld in die doeltteks “wegkruip” eerder as die letterlike “hom versteek” as vertaalekwivalent vir “versteekte sich” te gebruik, word die humor weerspieël wat in die bronteks geskep word deur die beskrywing van ’n beroemde wiskundige wat vir sy vrou in die bed wegkruip omdat hy nie na ’n kongres wil gaan nie. Die gebruik van “wegkruip” in Afrikaans beklemtoon die kinderagtige optrede van Gauss – hy speel as ’t ware wegkruipertjie met sy vrou – en skakel terselfdertyd met die interaksie tussen Gauss en sy moeder enkele reëls later (paragraaf DT3), waar sy hom aan sy wang knyp en vra wat van haar “dapper seuntjie” geword het.

b. Ironie

Ironie is die teenstrydigheid tussen wat geskryf, gesê en verstaan word, of wat verwag word en wat eintlik gebeur. Dit kan beplan word of dit kan toevallig gebeur (Singh 2012:67).

’n Voorbeeld van ironie kom voor in die bronteks waar die Von Humboldt-broers se moeder oor hulle loopbane moet besluit. Sy klop by Goethe om hulp aan (BT23 en DT23), maar sy raad is onverstaanbaar.

Diesen Satz verstand keiner. Nicht die Mutter, nicht ihr Majordomus Kunth, ein magerer Herr mit großen Ohren. Er meine zu begreifen, sagte Kunth schließlich, es handle sich um ein Experiment. Der eine solle zum Mann der Kultur ausgebildet werden, der andere zum Mann der Wissenschaft.

Und welcher wozu?

Kunth überlegte. Dann zuckte er die Schultern und schlug vor, eine Münze zu werfen. (BT24-26, Kehlmann 2006:19–20)

Met die Afrikaanse vertaling is gepoog om die ironie van die situasie te behou (DT24–26):

Niemand verstaan hierdie sin nie. Nóg hulle moeder nóg haar huismeester Kunth, ’n maer mannetjie met bakore.

Hy dink hy begryp, sê Kunth uiteindelik. Dit gaan oor ’n eksperiment. Die een moet as ’n man van die kultuur opgevoed word en die ander een as ’n man van die wetenskap.

En watter een waarvoor?

Kunth peins. Dan trek hy sy skouers op en stel voor dat ’n muntstuk opgeskiet word.

In die uittreksel lewer die skrywer waarskynlik satiries kommentaar op Goethe se hoogdrawende styl, wat “niemand verstaan” nie. Kehlmann dryf terselfdertyd moontlik subtiel die spot met die Duitse adelstand wat hoog opgee oor hul geletterdheid en kennis van die klassieke, maar tog op die ou end op die huismeester moet staatmaak om ’n praktiese

oplossing voor te stel. In die proefvertaling word die huismeester as 'n "maer mannetjie met bakore" beskryf om die absurditeit van die situasie te beklemtoon. Dit is ironies dat die "eksperiment" wat die loopbane van twee groot wetenskaplikes bepaal, die opskiet van 'n muntstuk behels – 'n voorstel waarmee die huismeester uit radeloosheid vorendag kom.

Ironie word ook in die eerste twee sinne in bostaande uittreksel bewerkstellig – die verteller noem naamlik dat "niemand" Goethe se raad verstaan nie, en kwalifiseer "niemand" in die daaropvolgende sin as "hulle moeder" en "die huismeester". Deur in die proefvertaling die struktuur van die bronteks hier na te volg, word daar gepoog om ook hier die fynere nuanse van die skrywer se styl vas te vang.

c. Satire

Volgens Singh (2012:68) is satire 'n genre in die letterkunde en die uitvoerende kunste wat tekortkominge en dwalinge aan die groot klok hang met die idee om mense of die samelewing te beskaam ten einde verandering aan te moedig. Ofskoon satire se bedoeling komies is, is dit hoofsaak sosiale kritiek wat deur sarkasme en sterk ironie uitgedruk word.

Aangesien *Die Vermessung der Welt* 'n speelse aanslag het, word daar net van ligte satire gebruik gemaak. Die verbetering van Duitse natuurwetenskaplikes word byvoorbeeld in die volgende gedeelte oor Von Humboldt se eksperiment met die paddas gesatiriseer (BT36):

Humboldt ignorierte ihn und befahl: Wieder das Silber! Schon kamen die Schläge. Bei jedem davon, er sah es im Spiegel, sprangen die Froschleiber wie lebendig. Er biß in das Kissen, der Stoff war naß von seinen Tränen. Der Diener kicherte hysterisch, Humboldt wollte Notizen machen, aber seine Hände waren zu schwach.

Dit word soos volg vertaal (DT36):

Humboldt ignoreer hom en beveel: Weer die silwer! Hy voel weer die skokke. Met elke skok sien hy in die spieël hoe die dooie paddas spring asof hulle lewendig is. Hy byt die kussing vas, die materiaal is reeds papnat van sy tranes. Die dienskneg giggel hysteries, Humboldt wil notas maak, maar sy hande is te swak.

Ook hier moet die vertaling so ver as moontlik dieselfde beeld en atmosfeer as die bronteks skep ten einde die satire te behou. Die sin "Bei jedem davon, er sah es im Spiegel, sprangen die Froschleiber wie lebendig" sou letterlik vertaal kon word met "Met elkeen daarvan, hy sien dit in die spieël, spring die paddalywe asof lewendig." Ons het verkies om vloeiende idiomatiese Afrikaans te gebruik om die toneel te beskryf, byvoorbeeld met die vertaling van "Froschleiber". Die woorde "paddalywe" of "paddaliggame" doen vreemd aan in Afrikaans, terwyl "dooie paddas" meer beskrywend is.

Kehlmann gebruik ook satire wanneer hy vroeër in die teks, in die vertelling oor Von Humboldt se beroemdheid, veral fokus op sy reise en ontdekkingstogte. Die avontuurlike aard van dit waarmee hy hom besig gehou het, word beklemtoon en deur in die bronteks van slegs een lang sin gebruik te maak om alles te lys wat hy gedoen het, slaag Kehlmann daarin om deur die gebruik van hiperbool satiriese kommentaar te lewer op die koloniale ontdekkingsreisigers wat alles "weer ontdek" en herbenoem het (BT21):

Er war in Neuspanien, Neugranada, Neubarcelona, Neuandalusien und den Vereinigten Staaten gewesen, hatte den natürlichen Kanal zwischen Orinoko und Amazonas entdeckt, den höchsten Berg der bekannten Welt bestiegen, Tausende Pflanzen und Hunderte Tiere, manche lebend, die meisten tot, gesammelt, hatte mit Papageien gesprochen, Leichen ausgegraben, jeden Fluß, Berg und See auf seinem Weg vermessen, war in jedes Erdloch gekrochen und hatte mehr Beeren gekostet und Bäume erklettert, als sich irgend jemand vorsteilen mochte.

Die paragraaf is soos volg vertaal (vergelyk DT21):

Hy was in Nieu-Spanje, Nieu-Granada, Nieu-Barcelona, Nieu-Andalusië en die Verenigde State. Hy het die natuurlike kanaal tussen die Orinoko en die Amasone ontdek, die hoogste berg in die tóé bekende wêreld uitgeklim, duisende plante en honderde diere versamel, sommige lewend, die meeste dood. Hy het met papegaaie gepraat en lyke opgegrawe; elke rivier, berg en meer wat in sy pad gekom het, opgemeet. Hy het in elke gat in die aarde ingekruip en het meer bessies geproe en bome uitgekluuter as waarvan enigiemand sou kon droom.

In die bronteks is die vertelstyl in die roman in die verlede tyd en bogenoemde terugflits in die voltooide verlede tyd (voorverlede tyd). Soos in 6.2.2 hier onder verduidelik sal word, word die historiese teenwoordige tyd (presens) in die doelteks gebruik en daarom is hierdie terugflits in die verlede tyd. In die doelteks is daar besluit om die lang sin in die bronteks in korter sinne op te breek, maar deur die gebruik van “hy het” aan die begin van elke sin in die doelteks word die effek behou van ’n lys prestasies wat opgenoem word.

Die uitgangspunt by die vertaling van hierdie gedeelte was om die satiriese hiperbool van die bronteks te behou. So verwoord die sin “Hy het in elke gat in die aarde ingekruip en het meer bessies geproe en bome uitgekluuter as waarvan enigiemand sou kon droom” die kinderlike entoesiasme van die ontdekkingsreisiger; om dié rede is “uitgekluuter” byvoorbeeld bo “uitgeklim” verkies.

6.2.2 Intertalige vertaalprobleme

Hierdie tipe probleem ontstaan as gevolg van die verskille in die struktuur, sintaksis en woordeskat van die bron- en doeltaal (Nord 1997a:60, Schäffner 2001:38). Alhoewel Duits en Afrikaans albei Germaanse tale is, bestaan daar verskille, soms subtiel, tussen die taalsisteme. In ’n artikel wys Von Delft (1992:668) op die probleme verbonde aan die vertaling van Thomas Mann (1875–1955), die Duitse skrywer en Nobelpryswenner, se werk in Afrikaans. Hy verwys na die vereenvoudigings in Afrikaans in vergelyking met Duits: die afwesigheid van die geslag van naamwoorde, die gevolglik vereenvoudigde vorm van lidwoorde en die afwesigheid van verbuigings van byvoeglike naamwoorde. Verder is die werkwoordstruktuur in Afrikaans eenvoudiger: geen voltooide verlede tyd en gepaardgaande vervoegings word gebruik nie. Dié vereenvoudigings lewer volgens Von Delft (1992:668) probleme op wanneer ’n Duitse teks, veral van ’n skrywer soos Thomas Mann, in Afrikaans vertaal word.¹¹ Hoewel *Die Vermessung der Welt*, wat ’n meer moderne Duitse roman is, as taalkundig minder kompleks as Mann se werk beskou kan word, het dit tog soortgelyke vertaaluitdagings opgelewer.

Die vertelstyl in Duits is in die verlede tyd, terwyl in Afrikaans die historiese presens dikwels gebruik word - 'n benadering wat ook in die proefvertaling gevolg word (vergelyk 6.1.2). Die gebruik van die historiese presens vergemaklik die vertaling deurdat die Duitse imperfektum (onvoltooide verlede tyd) eenvoudig deur die presens vervang word en sodoende die lastige “het ge-” van die verlede tydsvorm in Afrikaans omseil.

Kehlmann benut deurgaans die indirekte rede wat, soos gebruikelik in Duits, die ingewikkelde konjunktiewe werkwoordvorm noodsaak. Die gebruik van die historiese presens in Afrikaans vereenvoudig egter die vertaling van die indirekte rede aansienlik. So word die sin: “Er habe¹² so etwas noch nie gebraucht, sagte Gauß” (BT6) vertaal met “Hy het nog nooit so iets nodig gehad nie, sê Gauss” (DT6). Die korter vorm van die indirekte rede soos hier bo word ook by voorkeur gebruik, eerder as die langer “Gauss sê dat hy nog nooit so iets nodig gehad nie.”

In 'n aantal gevalle word daar in die bronteks van woorde of frases gebruik gemaak wat in Afrikaans óf omskryf moet word óf met 'n sinoniem vertaal moet word ten einde die semantiese waarde en gevoel effektief weer te gee. So byvoorbeeld dink Gauss aan sy vrou as “das Unglück seiner späten Jahre” (BT2). Vir die doelteks is daar besluit om hierdie frase te vertaal as “dié ellende van sy ouderdom”. Die Duitse woord “Unglück” dra in verskillende betekenisonderskeidings onder andere die semantiese waardes wat in Afrikaans as 'n ongeluk (in die sin van byvoorbeeld 'n motorongeluk, maar ook met verwysing na iets wat per abuis plaasvind), 'n ramp, onheil en ongelukkigheid uitgedruk kan word (*Collins German Dictionary*). Ons het op “ellende” as vertaalekwivalent besluit omdat dit die kern van verskeie van hierdie betekenisonderskeidings vasvang en ook die effek oordra van slegte omstandighede waarin iemand vasgevang is. Die frase “seiner späten Jahre” is in Afrikaans as “van sy ouderdom” vertaal, eerder as met die meer letterlike “van sy laaste [of latere] jare”.

Gauss het teengestribbel om op die reis te gaan, maar stem uiteindelik in. “Knorrig en met net die nodigste gewas, gaan hy met die trap af” (DT3). In die bronteks is dit “Grimmig und notdürftig gewaschen ging er die Treppe hinunter.” “Notdürftig” het verskeie betekenisse, maar as bywoord is een betekenis in Engels “poorly” (*Collins German Dictionary*). Ons glo dat bostaande vertaling die komiese sy beter verwoord as “swak” of “sleg gewas” of “half gewas”.

By die grenspos tree die “baardman” toe tot die gesprek met ongebreidelde Duitse nasionalistiese retoriek. “Uit die veld geslaan, vra die gendarme sy identifikasie” (DT18). In die bronteks is dit “Ungläubig verlangte der Gendarm seinen Ausweis.” Die Engelse ekwivalent van die bywoord “ungläubig” is “doubtingly” (*Collins German Dictionary*). Daar is oorweging geskenk aan “ongelowig”, maar hierdie woord het religieuse konnotasies wat die trefkrag verswak, en dus is “uit die veld geslaan” as vertaalekwivalent gekies.

Teen die einde van Von Humboldt se eksperiment met die paddas praat hy met die dienskneg: “Na gut, sagte Humboldt, dann solle er jetzt in Gottes Namen den Arzt holen!” / “Nou goed dan, sê Humboldt, maar dan moet hy in hemelsnaam nou die dokter ontbied!” (DT38). Kehlmann laat Von Humboldt hier die frase “na gut”, uit moderne Duitse gesprekstaal, gebruik. Dit is onwaarskynlik dat Von Humboldt so 'n uitdrukking sou gebruik het, maar Kehlmann gebruik dit hier om die ou man se ongeduld humoristies uit te beeld. Die frase skakel dus ook met Kehlmann se opmerking (vergelyk 4.1.1 (c)) dat hy verkies om nie die direkte rede te gebruik nie, omdat die woorde van die karakters in die roman sý woorde is

en dus fiktief is. In die Afrikaanse vertaling sou 'n soortgelyke effek moontlik bereik kon word met die gebruik van 'n frase soos "Oukei dan", maar ons het daarteen besluit omdat die informele styl wat daardeur verkry sou word eerder steurend sou wees in die doeltteks as wat dit Kehlmann se spel met die grense tussen die geskiedenis en fiksie sou weerspieël.

6.2.3 Pragmatiese en interkulturele vertaalprobleme

Volgens Schäffner (2001:32) word pragmatiese vertaalprobleme veroorsaak deur verskille tussen die bron- en doelsituasies. Die kategorie verwys hoofsaaklik na tyd-, plek- en kultuurgebonde aspekte wat met onderskeidelik die leef- en ervaringswêreld van die bron- en doelttekslesers verband hou. Interkulturele vertaalprobleme ontstaan volgens Schäffner (2001:36) as gevolg van die verskillende konvensies van die bron- en doelkulture, byvoorbeeld aanspreekvorme en titels. Aangesien daar, veral in hierdie teks, duidelik oorvleueling tussen hierdie twee kategorieë bestaan, word hulle saam in een afdeling bespreek.

Soos reeds genoem (3.1), is daar (minstens) drie kulturele kontekste ter sprake wanneer *Die Vermessung der Welt* vertaal word. Nie net die kontekste van die bron- en doelttekslesers moet in ag geneem word nie, maar ook die milieu van die roman. Die verwysing na Gauss se koetsrit is 'n goeie voorbeeld van 'n verwysing wat, hoewel dit nie meer deel vorm van die leefwêreld van die brontekslesers of die doelttekslesers nie, tog aan albei groepe bekend sou wees.

Nord (1991:16) voer aan dat die resepsie van 'n teks afhang van die individuele verwagtinge van die ontvanger, wat bepaal word deur die situasie waarin hy/sy die teks ontvang, sowel as deur sy/haar sosiale agtergrond, wêreldkennis en kommunikatiewe behoeftes. Met verwysing na die pragmatiese vertaalprobleme is dit dus kernbelangrik om in gedagte te hou dat die ontvanger, of dan doeltteksleser, se agtergrond en kennis 'n betekenisvolle invloed kan hê op sy/haar verstaan van die teks. Met hierdie uitgangspunt in ag genome, is daar besluit om sommige Duitse terme wat wel in Afrikaans as leenwoorde erken word, eerder met meer herkenbare ekwivalente in die doeltteks te vervang. Een so 'n voorbeeld kom voor wanneer daar aanvanklik na Gauss se reis verwys word: hy verlaat naamlik vir die eerste keer in baie jare sy "Heimatstadt" (BT1). Die woord "Heimat" is waarskynlik bekend genoeg in Afrikaans om as leenwoord in die doeltteks gebruik te word, maar "geboortestad" is meer beskrywend. In die Engelse en Nederlandse vertalings van die roman word onderskeidelik "hometown" en "geboorteplaats" gebruik, wat ook die keuse van "geboortestad" in Afrikaans beïnvloed het.

'n Soortgelyke voorbeeld, maar waar die hoofoorweging nie noodwendig die betekenis van die konsep en die begrip van die doeltteksleser is nie, maar eerder die sosiale konteks, kom voor wanneer Von Humboldt sy dienskneg aansê om die dokter te ontbied. In die bronteks word die frase "in Gottes Namen" gebruik (BT38). Vir die doeltteks is die eufemistiese frase "in hemelsnaam" gekies eerder as byvoorbeeld "in godsnaam" omdat dit waarskynlik minder aanstoot sal gee in die Afrikaanse konteks – in hierdie geval is die verband tussen die reaksie wat die bronteksleser op die gegewe frase sou hê en die reaksie wat die doeltteksleser op die ekwivalente frase in die doeltteks sou hê, in ag geneem.

Tydens die eksperiment met die paddas (BT28) word twee pleisters op Von Humboldt se rug geplak en blase ontstaan wat oopgesny word om direkte kontak met die metale moontlik te

maak. Die pleisters wat gebruik is, is ook gebruik in die primitiewe mediese prosas van bloedlating (“bloodletting” in Engels en “Aderlass” in Duits). “Aderlasspflaster” word dus met “bloedlaatpleister” vertaal.

Die gebruik van die woord “Majordomus” in die bronteks (BT24) hou ’n vertaalprobleem in: in Afrikaans is die konsep nie algemeen nie, hoewel die vorme “majordomo” en “majordomus” in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* opgeneem is (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2015). Die term verwys na die hoofbeampte van ’n koninklike hof of na die bestuurder van paleis personeel (van byvoorbeeld die pous). Vir die doeleindes van die doelteks is daar besluit om eerder die woord “huismeester” te gebruik, wat – danksy die gebruik van “-meester” – tog ’n ouwêreldse gevoel oordra, maar sonder om die doelteksleser te veel te vervreem.

’n Soortgelyke benadering is gevolg met die vertaling van “Diener” (byvoorbeeld in BT28), waar daar besluit is om “dienskneg” (DT28) as vertaalekwivalent te gebruik. Die woord in Afrikaans is betreklik algemeen bekend en pas tot ’n groter mate by die atmosfeer van die bronteks in as byvoorbeeld “bediende”, wat tradisioneel in die Afrikaanse konteks meer dikwels met ’n vroulike huishulp geassosieer word (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2000; vergelyk ook Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2015).

In Von Humboldt se tyd is die woord “Gendarm” gebruik as beskrywing vir lede van die polisiemag, destyds gebaseer op die Franse voorbeeld. Die titel *gendarme* is vandag nog in gebruik in Frankryk en sommige Franssprekende lande en die Franse woord *gendarme* kom as leenwoord in baie tale voor. Afrikaanse vertaalekwivalente vir die Engelse woord “gendarme” is “gendarme, polisie soldaat” (Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek 2010). Ten einde die historiese konteks te behou, is besluit om “Gendarm” te vertaal as “gendarme” en nie “polisieman” nie. Waar dit eerste keer in die proefvertaling voorkom, word die term verduidelik deur te verwys na “die gendarme, een van die owerheid se polisie soldate”.

Daar is ook voorbeelde waar ’n woord of konsep wat in die bronteks gebruik word, besonder treffend in die doelteks is wanneer die betekenis letterlik geïnterpreteer en verwoord word. Terwyl die gendarme by die grenspos besig is om daarop aan te dring dat hy Gauss se paspoort moet sien, trek ’n ander karakter sy aandag af. Die verteller beskryf hierdie karakter aanvanklik (BT17) slegs as “der Mann”, maar daar word later na hom as “Bärtigen” (BT19) verwys. Hoewel “Bärtigen” gewoonlik as “bebaarde (man)” in Afrikaans vertaal sou word, werk “baardman” in hierdie konteks besonder goed omdat dit ook iets van die komiese aard van die hele toneel en die interaksie tussen die karakters weergee.

7. Samevatting

Tydens ’n gesprek met sy Franse en Griekse vertalers oor of “kultuur” vertaal kan word, beskryf Kehlmann ’n ideale vertaling as een wat werklik al die nuanses van die oorspronklike behou en daarmee saam die kenmerkende styl en die melodie van die taal (“das ist etwas, das wirklich alle Nuancen des Originals aufbewahrt und dazu noch den Sprachduktus und die Sprachmelodie”). Hy gee toe dat dit bykans onmoontlik is en dat daar dikwels ’n middeweg gevind moet word (Barner en Blamberger (reds.) 2010:46).

In hierdie artikel het ons die vertaalbenadering wat na ons mening die beste sou kon werk vir 'n Afrikaanse vertaling van *Die Vermessung der Welt* in Afrikaans ondersoek en veral aandag geskenk aan die moontlike invloed van taal- en kultuurverskille op die vertaling. Daar is aangetoon dat die noue verband tussen Duits en Afrikaans 'n letterlike vertaling moontlik maak wat tot 'n groot mate die nuanses van die brontaal en die speelse aard van die bronteks kan vasvang sonder om die Afrikaanse doelteksleser te vervreem. Die inagneming van die breë historiese konteks waarin die roman gesitueer is, was ook 'n deurslaggewende oorweging vir die neem van verskeie vertaalbesluite. Daar is beklemtoon dat die drie kulture wat in hierdie vertaalsituasie ter sprake is, naamlik die kultuur van die 19de-eeuse tekswêreld, dié van die Duitse bronteksleser en dié van die Afrikaanse leser van die doelteks, van die vertaler vereis om tussen al drie hierdie kulture te medieer en sodoende 'n balans te vind tussen die intensie van die bronteksskrywer en die ervaring van die doelteksleser.

Uit die vertaalteorie is daar aangetoon dat die funksionalistiese benadering wel aangewese is om aan bostaande vereiste te voldoen. Waar vroeë teoretiese benaderings tot vertaling meer klem gelê het op die bronteks en die skrywer daarvan, beklemtoon die funksionalistiese benadering die behoeftes en kultuur van die doelteksleser, onderworpe aan die skopos. Met die gebruik van Nord se lojaliteitsbeginsel en die teoretiese raamwerk van die funksionalisme om die vertaalbesluite te rig, meen ons dat die proefvertaling wat in hierdie artikel aangebied word, hierdie balans weerspieël.

Uiteindelik is bevind dat die letterlike vertaling haalbaar was weens die noue verband tussen die Afrikaanse en Duitse taalsisteme, maar dat dit tog by tye nodig was om aan die konvensies van Afrikaans gehoor te gee ten einde nie afbreuk te doen aan die doelteksleser se ervaring van die teks nie. Vir sommige verwysings eie aan die Europese of Duitse leefwêreld van die 19de eeu is ekwivalente gekies wat in Afrikaans algemener en tog neutraal is, byvoorbeeld waar “Diener” met “dienskneg” vertaal is, terwyl verwysings soos “gendarme” wel in die Afrikaanse teks gebruik is. Hierdie besluite is deurgaans geneem met die styl van die bronteksskrywer, die atmosfeer van die bronteks maar ook die ervaring van die doelteksleser, soos volgens Nord se lojaliteitsbeginsel, in gedagte.

Bibliografie

Alder, K. 2008. A passion for precision. *American Scientist*.
<http://www.americanscientist.org/bookshelf/pub/a-passion-for-precision> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).

Anker, W. 2014. *Buys. 'n Grensroman*. Kaapstad: Kwela.

Barner, I. en B. Blamberger (reds.). 2010. Ist Kultur übersetzbar? Bespreking met Daniel Kehlmann, Juliette Aubert, Konstantinos Kosmas en Bernhard Robben. In *Literator 2010 Dozentur für Weltliteratur: Daniel Kehlmann. Morphomata Lectures*. Keulen: Wilhelm Fink.
http://www.morphomata.uni-koeln.de/site/assets/files/1113/full_mlc01.pdf.

Bassnett, S. 2002. *Translation studies*. Derde uitgawe. Londen: Routledge.

- Brecht, B. 1973. *Moeder Courage en haar kinders*. Vertaal deur F. Steyn. Johannesburg: Dalro.
- Brink, A.P. 2012. *Philida*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Charles, R. 2006. Weird science. *The Washington Post*. <http://www.washingtonpost.com/wp-dyn/content/article/2006/11/22/AR2006112201545.html> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
- Collins German Dictionary. s.j. s.v. “Unglück”.
<https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english-german> (8 Maart 2017 geraadpleeg).
- . s.j. s.v. “Notdürftig”. <https://www.collinsdictionary.com/dictionary/english-german> (8 Maart 2017 geraadpleeg).
- Davis, B. 2013. Das Schmunzeln im Spiegel deutscher (kolonialer) Erinnerung: Parodierte nationale Selbstbilder in Christian Krachts Imperium und Daniel Kehlmanns die Vermessung der Welt. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Nieu-Mexico.
<https://repository.unm.edu/bitstream/handle/1928/23265/Bettina%20Davis%20Thesis%20Formatted%20Final.pdf?sequence=1> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
- Duden. “Gendarm”. <http://www.duden.de/rechtschreibung/Gendarm> (5 September 2017 geraadpleeg).
- Du Plooy, H. 2016. *LitNet Akademies-resensie-essay: 1795* deur Dan Sleigh.
<http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-1795-deur-dan-sleigh> (2 Desember 2016 geraadpleeg).
- Encyclopaedia Britannica. s.j. German Confederation.
<https://www.britannica.com/topic/German-Confederation> (4 September 2017 geraadpleeg).
- . s.j. Weimar Classicism: Goethe and Schiller. <https://www.britannica.com/art/German-literature/Late-Middle-Ages-and-early-Renaissance#toc232411> (4 September 2017 geraadpleeg).
- Frank, A.P.A. (red.). 1992. *Übersetzen, verstehen, Brücken bauen. Göttinger Beiträge zur Internationalen Übersetzungsforschung*. Volume 8, Deel 2. Berlyn: Erich Schmidt.
- Gentzler, E. 2001. *Contemporary translation theories*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Goethe, J. 1966. *Faust I*. Vertaal deur Eitemal. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Goldschmidt, S. 2012. *Die hormoonfabriek*. Vertaal deur D. Hugo. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Grass, G. 2003. *Kreeftegang*. Vertaal deur A. Blumer. Dainfern: Praag.
- Griep, W. 2007. Belletristik: Der Kehlmann-Kanal. *ZEIT Online*.
<http://www.zeit.de/online/2007/16/L-Kehlmann> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
- Grunberg, A. 2014. *Tirza*. Vertaal deur L. Spies. Pretoria: Protea Boekhuis.

Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2015. Sesde uitgawe. s.v. Bediende. Kaapstad: Pearson.

—. 2015. Sesde uitgawe. s.v. Majordomus. Kaapstad: Pearson.

Hatim, B. 2009. Translating text in context. In Munday (red.) 2009.

Hatim, B. en I. Mason. 1996. *The translator as communicator*. Londen: Routledge.

Hertmans, S. 2016. *Oorlog en terpentyn*. Vertaal deur D. Hugo. Pretoria: Protea Boekhuis.

Holl, F. 2012. Die zweitgrößte Beleidigung des Menschen sei die Sklaverei ... – Daniel Kehlmanns neu erfundener Alexander von Humboldt, in HiN – Humboldt im Netz. *Internationale Zeitschrift für Humboldt-Studien*, XIII (25):46–62. <http://www.uni-potsdam.de/u/romanistik/humboldt/hin/hin25/holl.htm> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).

Kehlmann, D. 2006. *Die Vermessung der Welt*. Hamburg: Rohwolt Verlag.

—. 2007a. *Measuring the world*. Vertaal deur C.B. Janeway. Londen: Querqus.

—. 2007b. *Het meten van de wereld*. Vertaal deur J. Vogelaar. Amsterdam: Querido.

—. 2009. *Les Arpenteurs du monde*. Vertaal deur J. Aubert. Parys: Actes Sud.

—. 2013. Wo ist Carlos Montúfar? In Nickel (red.) 2013.

Krausser, H. 1993. *Melodien oder Nachträge zum quecksilbernen Zeitalter: Roman*. Reinbek: Rowohlt-Taschenbuch-Verlag

Lanoye, T. 2015. *Gelukkige slawe*. Vertaal deur D. Hugo. Pretoria: Protea Boekhuis.

Loots, S. 2011. *Sirkusboere*. Kaapstad: Tafelberg.

Mangold, I. 2013. Laudatio zur Verleihung des Candide-Preises 2005 an Daniel Kehlmann. In Nickel (red.) 2013.

Mann, T. 1966. *Tonio Kröger*. Vertaal deur E. Steenberg. Johannesburg: Afrikaanse Pers.

Marx, F. 2013. “Die Vermessung der Welt” als historischer Roman. In Nickel (red.) 2013.

Muller, M.B. 2006. Die vertaling van *The No. 1 Ladies' Detective Agency* van Alexander McCall Smith: strategieë en besluite tydens die vertaalproses. Ongepubliseerde MPhil.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Munday, J. 2008. *Introducing translation studies: Theories and applications*. Londen: Routledge.

Munday, J. (red.). 2009. *The Routledge companion to translation studies*. Londen: Routledge.

- Naudé, J.A. 2002. Recent developments in translation studies. *Acta Theologica*, Supplementum 2:44–69.
- Nickel, G. (red.). 2013. *Daniel Kehlmanns "Die Vermessung der Welt": Materialien, Dokumente, Interpretationen*. Hamburg: Rohwohlt.
- Nida, E. 1964. *Toward a science of translation*. Leiden: E.J.Brill.
- Nord, C. 1991. *Text analysis in translation*. Amsterdam: Rodopi.
- . 1997a. A functional typology of translations. In Trosborg (red.) 1997.
- . 1997b. *Translating as a purposeful activity: Functionalist approaches explained*. Manchester: St. Jerome.
- . 2002. Manipulation and loyalty in functional translation. *Current Writing*, 4(2):32–44.
- . 2005. *Text analysis in translation: Theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Oort, F. 2008. Book review: *Measuring the world. Notices of the AMS*, Junie/Julie. <http://www.ams.org/notices/200806/tx0806000681p.pdf> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
- Parkes, S. 2002. Drowning or waving: German literature today. In Taberner (red.). 2002.
- Pharos Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Woordeboek. 2010. s.v. Gendarme. Kaapstad: Pharos.
- Rilke, R. M. 2007. *Duino-elegieë*. Vertaal deur H.J. Pieterse. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Schäffner, C. 2001. *Annotated texts for translation: English German. Functionalist approaches illustrated*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Schiller, F. 1970. *Friedrich von Schiller se Don Carlos*. Vertaal deur Eitemal. Johannesburg: DALRO.
- Schlink, B. 1997. *Der Vorleser: Roman*. Zürich :Diogenes
- Singh, R.K. 2012. Humour, irony and satire in literature. *International Journal of English and Literature (IJEL)*, 3(4):65–72.
- Sleigh D. 2016. *1795*. Kaapstad: Tafelberg.
- Snell-Hornby, M. 2006. *The turns of translation studies: new paradigms or shifting viewpoints?*. Amsterdam: John Benjamins.
- Soboczynski, A. 2012. *Die Vermessung der Welt*: Bei Daniel Kehlmann wird der Geist zu einer komischen Angelegenheit. *Zeit Online*. <http://www.zeit.de/2012/35/Daniel-Kehlmann-Vermessung-der-Welt> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
-

- Spiegel, H. 2008. Daniel Kehlmann: *Die Vermessung der Welt*: Der Schrecken läßt sich messen, aber nicht bannen. *Frankfurter Allgemeine Zeitung*.
<http://www.faz.net/aktuell/feuilleton/buecher/rezensionen/belletristik/mexiko-taxco-de-alarcon-daniel-kehlmann-die-vermessung-der-welt-1294504.html> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).
- Stein, J. 2013. "Germans and humor in the same book". Die internationale Rezeption der *Die Vermessung der Welt*. In Nickel (red.) 2013.
- Süskind, P. 1994. *Das Parfum: die Geschichte eines Mörders*. Zürich: Diogenes
- Taberner, S. (red.). 2002. *Recasting German identity: Culture, politics, and literature in the Berlin Republic*. Rochester: Camden House.
- Trosborg, A. (red.). 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Van Rensburg, C. 2016. Gelade melancholie 'n pragtige skryn. *Die Burger*, 28 November.
<http://www.pressreader.com/south-africa/die-Burger/20161128/281797103601058> (17 Januarie 2017 geraadpleeg).
- Venuti, L. (red.). 2000. *The translation studies reader*. Londen: Routledge.
- Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2000. s.v. Bediende. Kaapstad: Pearson.
- Vermeer, H.J. 1998. Starting to unask: What translatology is about. *Target*, 10(1):41–68.
- . 2000. Skopos and commission in translational action. In Venuti (red.) 2000.
- Von Delft, K. 1992. Thomas Mann in afrikaansen Übersetzungen. In Frank (red.) 1992.
- Von Lovenberg, F. 2013. Ich wollte schreiben wie ein verrückt gewordener Historiker. In Nickel (red.) 2013.
- Wieringa, T. 2012. *Joe Speedboot*. Vertaal deur Z. Bezuidenhout. Quellerie: Kaapstad.
- Winkels, H. 2009. Als die Geister müde wurden: Daniel Kehlmanns *Vermessung der Welt*. *Zeit Online*. <http://www.zeit.de/2005/42/L-Kehlmann/komplettansicht> (31 Oktober 2014 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is gebaseer op 'n navorsingswerkstuk deur J.P. Holtzhausen, onder studieleiding van L. de Roubaix, voltooi in 2014 as deel van die program Honneurs Vertaling in die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch.

² Met die uitsondering van *Joe Speedboot* is die ander vertalings almal deur Protea Boekhuis uitgegee en daar kan dus verwys word na die belangrike rol wat hierdie uitgewery speel in die vertalings van Nederlandse romans in Afrikaans. Die rol wat befondsing en ondersteuning vanuit die Nederlandse en Vlaamse taalgebiede in die publikasie van vertalings van Nederlandse werke speel, moet uiteraard ook in ag geneem word. Dit val egter buite die bestek van hierdie studie om hierdie faktore grondig te bespreek.

³ Carl Friedrich Gauss (1777–1855) word gereken as een van die grootste wiskundiges in Duitsland en ook wêreldwyd. Sy naam is vandag steeds bekend in die wiskunde, statistiek, landmeetkunde en die fisika, waar hy ’n groot bydrae tot die meting van onder andere die aarde se magnetiese veld gelewer het.

Alexander von Humboldt (1769–1859) was ’n Duitse aardrykskundige, plantkundige, natuurkundige en ontdekkingsreisiger. Hy het ’n groot bydrae gemaak tot weerkundige en aardkundige metings. Tussen 1799 en 1804 het hy ’n uitgebreide reis in Suid-Amerika onderneem en ’n volledige reisjoernaal gehou wat ook later gepubliseer is. Hy was die jonger broer van Wilhelm von Humboldt, staatsminister, diplomaat, filosoof en stigter van die Humboldt Universiteit in Berlyn.

⁴ Vermeer (aangehaal in Nord 1997b:33) definieer kultuur as “the entire setting of norms and conventions an individual as a member of his society must know in order to be ‘like everybody’ or to be able to be different from everybody”.

⁵ Hierdie benadering is in 1813 deur die Duitse filosoof Friedrich Schleiermacher (1768–1834) gepubliseer.

⁶ Du Plooy (2016) wys in verband met *1795* van Dan Sleigh op ’n woordeboekdefinisie wat die historiese roman beskryf as ’n verhaal wat sy stof uit die geskiedenis put en wat teen ’n historiese agtergrond afspeel, maar dit deurgaans duidelik maak dat die roman die historiese stof verbeeldingryk inklee en aanbied. Dit is veral wat karakterisering betref dat die skrywer vryer met historiese gegewens kan omgaan, omdat hy meestal sterker ingestel is op die individuele belewenis van die historiese gebeure as die politieke of staatkundige implikasies daarvan. Volgens hierdie definisie sou *Die Vermessung der Welt* dus wel as ’n historiese roman beskou kan word.

⁷ Vergelyk byvoorbeeld Stein (2013:136–45) vir ’n oorsig oor die verkoopsyfers van die roman in spesifieke lande. Die roman is in meer as 40 tale vertaal en verkope was soos volg: Frankryk (40 000), Nederland (15 000), Italië (50 000), die VSA (20 000) en Spanje (10 000). In Suid-Amerika was die Spaanse vertaling minder suksesvol, terwyl Sweedse lesers gaande was oor die boek (Stein 2013:136–45).

⁸ Muller verduidelik dat sy ’n letterlike vertaling gekies het om McCall Smith se persoonlike skryfstyl nie te skaad nie.

⁹ Volgens Kehlmann is die gebrek aan verdere datums doelbewus om te beklemtoon dat dit nie ’n geskiedenisboek is nie.

¹⁰ Die Duitse Bond het in die jare 1819–1848 onder die streng beheer van die owerhede gebuk gegaan, met Metternich van Oostenryk die magtige aanvoerder van die konserwatiewe

magte wat die Duitssprekende lande basies in 'n polisiestaat omskep het (Encyclopaedia Britannica s.j. s.v. German Confederation).

¹¹ Von Delft wys ook hoe die vertaler (Elsabe Steenberg) foutief vertaal het: “Fast jedem Künstlernaturell ist ein üppiger und verräterische Hang eingeboren, Schönheit schaffende Ungerechtigkeit anzuerkennen und [...] (In die aard van byna elke kunstenaar is daar 'n verantwoordelike, verraderlike neiging om ten gunste te wees van enige ongeregtigheid wat deur skoonheid geskep word [...])” (Von Delft 1992:681). Die korrekte vertaling moet wees “... enige ongeregtigheid wat skoonheid skep”. Die probleem ontstaan omdat lang byvoeglike konstruksies in Duits gebruiklik is en in Afrikaans omskryf moet word.

¹² “Er habe” benut die konjunktiewe vorm van die werkwoord. Die gewone indikatiewe vorm is “Er hat”.